4. Van **whose** vrugte het hulle gepluk?
5. Oor **whom** praat jy?
6. Van **whose** tuin kom hierdie mooi blomme?
7. Oor **which** brug moet ons ry?
8. **Which** boom dra nie baie vrugte nie?
9. **What** moeder het nie haar kind lief nie?
10. Met **whose** perde ploeg hy?
11. Ek is nie seker **whose** hulle is nie.
12. **What** maak jy vanaand?

### II.

1. **Who** het dit aan jou vertel?
2. **What** man praat jy van?
3. **What** kar ry daar?
4. **What** horlosie wil hy verkoop?
5. **What** het jy vir hom gesê?
6. **Whose** brief is hierdie?
7. Ek weet nie **whose** dit is nie,

8. Aan **whom** het jy die geld gegee?
  9. Met **what** moet ek die hond vasmaak?
  10. Vir **whom** is daardie pakkie bedoel?
  11. Vir **what** moet ons wag?
  12. Met **what** trein sal hy kom?
  13. In **which** ry gaan julle sit.
  14. Op **what** staan julle?
  15. Met **what** man praat hy?
  16. **What** soort het jy bestel?
  17. Van **what** word ink gemaak?
  18. Aan **whom** herinner hy jou?
  19. Van **what** maak hulle papier?
  20. In **what** het jy die perskes gepak.
  21. Met **whom** gaan jy saam?
  22. Uit **what** bestaan die mens?
  23. Van **whom** het hulle gepraat?
  24. Sonder **what** kan hy nie klaar kom nie?
-

## CHAPTER IV.

## PREPOSITIONS

## I.

Fill in the spaces left blank with one of the following prepositions:—**aan, vir, deur, na.**

1. Hy bring — my blomme.
2. Die seuntjie loop — die water.
3. Sy vertel dit — haar moeder.
4. Dit is — sy maat, dat hy pak gekry het.
5. Hy skryf — sy ouers.
6. — wie moet ek die pen gee?
7. — jou wil ek daardie boek lees.
8. — my sal hy enige ding doen.
9. Hy stap reguit — die voetbalveld.
10. Sy luister mooi — haar moeder.

## II.

Fill in one of the following prepositions:—**op, om, onder, uit, oor, met, van, in.**

1. Die hond lê — die tafel.
2. Die muis hardloop — die vloer.
3. Hulle speel — die bobbejaan.
4. Hy loop — die huis.
5. Hy praat — sy suster.
6. Ons loop — die kerk.
7. Hy jaag die hond — die huis.
8. Sy praat altyd — haar poppe.
9. — twee weke gaan hy weg.

10. Hy swem — die rivier.
  11. — die plaas loop hy kaalvoet.
  12. Ek het — jou broer gespeel.
  13. Hulle sit — die stoep.
  14. Die water loop — die brug deur.
  15. Sy moet vandag — die huis bly.
- 

### III.

Fill in one of the following prepositions:—**aan, op, met, van, in, vir, uit, oor, onder.**

1. Die duif sit — die dak.
  2. Die vrugte hang — die boom.
  3. Hy het — die kar geval.
  4. Die kinders speel — die boom.
  5. Sy onderwyser het — hom geroep.
  6. — wie het jy dit gehoor?
  7. Die perde is — die stal.
  8. Hy klai — die swaar werk.
  9. Ons het dit — jou vriend vertel.
  10. Hulle reken — jou.
  11. Die kind klim — die boom.
  12. Hy doen dit — moeite.
  13. — wie treur die hond?
  14. Hy woon — die hoek van die straat.
  15. Hy het — die water geval.
  16. Sy rapport word — sy ouers gestuur.
  17. Die boeke word — die leerlinge verdeel.
  18. Hulle het gaan roei — die baai.
  19. Ons koop ons groente — die mark.
  20. Ek ken hom — sy stem.
  21. Die ink staan — die tafel.
  22. Hy het — die sloot gespring.
  23. Hy stap — my saam.
  24. Hy het die geld — 'n klip weggesteek.
  25. Hulle is — die skip vertrek.
-

## IV.

Fill in one of the following prepositions:—**na, om, tot, vir, onder, met, oor, uit, buite, sonder, deur, aan.**

1. Sê — my of jy hom gesien het.
  2. Die jongetjie klim — die muur.
  3. Hy gaan môre — die stad-toe.
  4. Ons loop — die skool.
  5. Die prente hang — die muur.
  6. Ek sal vanaand — jou wag.
  7. Dit is die eerste keer dat ek vandag — die huis kom.
  8. — haar kon niemand in die saal klavier speel nie.
  9. — hom kan ons nie klaar kom nie.
  10. — drie weke vertrek ons.
  11. Daar is nie baie goeie spelers — hulle nie.
  12. Ons mag nie — hierdie draad kruip nie.
  13. Dit is — hom, dat jy geval het.
  14. Hy gaan saam — ons.
  15. Ek het — jou broer gesien.
  16. — wie verlang jy?
  17. Daar is nie meer plek — tafel nie.
  18. Jy kan my — agtuur verwag.
  19. Ek sorg — my ouers.
  20. Hy sal dit — jou vader vertel.
  21. — wie het jy gepraat.
  22. Hulle sal hom — ope arms ontvang.
  23. Hy gaan nooit weg — sy jas nie.
  24. — sy famielie gaan dit nog goed.
  25. Hy het die pakkie — jou broer gegee.
  26. Ons loop — ons buurman se grond.
  27. Hy sal hier — aanstaande week bly.
  28. — wie moet ons luister?
  29. Dink — my, as jy daar ver is.
  30. Hy het die hond — 'n stok geslaan.
-

## V.

Insert one of the following prepositions:—**weens, teenoor, volgens; in plaas van, naby, neffens, sedert, gedurende, tussen, na, voor.**

1. Ek sal jou — die vakansie besoek.
  2. — die reën skyn die son weer lekker warm.
  3. Hy het — my kom sit.
  4. Die kar staan — die deur.
  5. Sy loop — ons twee.
  6. Hy is altyd vriendelik — my.
  7. — die droogte gaan baie vee dood.
  8. Hulle woon — ons.
  9. — sy vertrek het ons nóg niks van hom gehoor nie.
  10. Hy het twee tafels — twee stoele gekoop.
  11. — die somer kan dit hier baie warm word.
  12. — die dokter se opinie sal my vriend nie weer fris word nie.
  13. Wag jy — my hier?
  14. — die ongeluk het ons nie weer gaan ry nie.
  15. — die skaarste van papier skryf hulle op leie.
  16. — die stad is 'n groot rivier.
  17. — ons huis staan 'n dik bloekomboom.
  18. — skool gaan ons tennis speel.
  19. — haar moeder se dood is sy tuis.
  20. Die gevangene sit — die polisie.
  21. Hy het — die vergadering my besoek.
  22. Hy staan — my tafel.
  23. — die skool is 'n kafee.
  24. Jy moet gaan — jou broer.
  25. — die jaar het jy hard gewerk.
-

Fill in appropriate Prepositions:—

I.

Ek onderwerp my — jou keuse. Sy kniel — haar bed. Hulle kla — sy gedrag. Hy kerm — pyn. Hy is kenbaar — sy rooi hare. Hy hou — 'n lui-lekker-lewe. Ons plaas grens — julle s'n. Ek glo nie — spoke nie. Daardie huisgesin het gebrek — voedsel. Die kind luister mooi — sy ouers. Die leerlinge kyk — die tekening op die bord. Dit hang alles — omstandighede af. Hy is nie bestand — die versoeking nie. Hy beskik — al sy pa-se geld. Hy behoort — die Hollandse Kerk. Die kind slaan ag op wat sy onderwyser — hom sê. Die kinders gooi — die duikers op die water. Sy kla — haar vele moeilikhede. Ek sal jou — jou pligte herinner. Ons moet ondersoek doen — oorsaak daarvan. Hierdie woorde wyk — die reël af. Hy brand — verlange om sy moeder te sien. Sy is baie gesteld — haar werk. Hy beroem hom — sy geleerdheid. Die misdadiger het berou — sy sonde. Hy beef — kou. Jy voldoen nie — my wense nie. Hy praat — sy kinderdae. Hy verkies 'n goeie naam — rykdom. Die ouderling gaan voor — die gebed. Hierdie paartjies pas — mekaar. Ek bly — wat ek gesê het. Die ongeluk is te wyte — sy nalatigheid. Die perd skrik — die motorfiets. Ek weet ons kan — jou reken. Die moeder is besorg — haar seun. Hy glo — sy Bybel. Ons luister nie — skinderpraatjies nie. Hy stel my — sy ouers voor. Dié daad strek hom — eer. Die vader sorg — sy famielie. Hy hou vas — die tradities van sy volk. Hy bestee veel tyd — sy werk. Sy oefen haar — die musiek. Hierdie pad lei — die see. Sy is versot — dans. Hy waak — die belange van sy kinders. Die Kerkraad voorsien — die behoeftes van die arm mense. Skaam hy hom nie — sy gedrag nie?

## II.

Ek loseer — my tante. Hy verg te veel — sy vriend. Die natuur smag — reën. Ons steun — jou in gevaar. Hy vertrek môre — Amerika. Hy word vrygestel — sy eksamen. Die vrugte hang — die bome. Ons praat — die weer. Ek kyk — die venster. Die kind vertel dit — sy onderwyser. Die jong wag — die pad. Hy loer — die gordyn. Hy druk my kop — die water. Ons ontvang hom — ope arms. Die kinders sit — die bome. My suster bly vanaand — die huis. — ons huis woon 'n baie ou man. Hy doen sy werk — moeite. Kinders moenie — die skool nuus dra nie. Hy het — sy onderwyser 'n prys gekry. Die water loop — ons deur verby. — die droogte moet baie boere met hul vee trek. — jou berekening sal elkeen sewe sielings moet betaal. Hulle grawe 'n sloot — ons huis. Sy kruip — die tuin weg, — vrees dat ek haar te gou sal vang. Ons sit almal — tafel as ons eet. — skool wil ek jou graag sien. 'n Mens sal — die yster val, wat in die paadjie lê. Dit is — my broer, dat jy vandag nog lewe. — my maat ken ek niemand hier nie. Waarom staan jy — my? Daar is 'n tapyt — die vloer. As jy — daardie bedelaar geld gee, gaan hy dit net uitdrink. As hy — die kantoor kom, sê asseblief hy moet — my wag. — wie het jy hierdie pen gekry. — my is hy altoos uiters beleefd. Hy het 'n lap — sy seer vinger. Ons skool is trots — jou knap broer. Pas op, jy druk my — die muur vas. Daar groei nie gras — die boompies nie. — sy ouers, versoek ek jou om hom nog 'n kans te gee. As hy 'n oomblik alleen is, peins hy — die verlede. As julle die water — ons afkeer, dan het ons hieronder nie drinkwater nie. Ek het 'n slang — die huis doodgemaak. Hy treur — sy moeder.

## III.

Hy het — die tering beswyk. Hy is teleurgestel — die slegte uitslae. Hy bepaal hom — sy onderwerp. Die kinders word — klompies verdeel. Die moeder beskerm haar kind — allerlei gevare. Die bandiet is — die tronk ontsnap. Ek verwonder my — sy gedrag. Waarom antwoord jy nie — my vrae nie? Hy het my 'n tjek — £10 gestuur. Hy verheug hom — die sukses van sy kind. Die gehoor stel groot belang — wat hy — hulle vertel. Ons hou jou verantwoordelik — alles wat daar plaasvind. Hy is — 'n enkele teëstem gekies — sy groot bekwaamheid. Hy wou hom nie — die reëls onderwerp nie. Hy aard — sy vader — meer dan een opsig. My beskouing — die saak is, dat ons baie versigtig te werk moet gaan. Dit sal groot ontevredenheid — die volk veroorsaak. 'n Mens kan hom — sy growwe stem herken. Hy vertoef — sy famielie — die strand. Hy het my — my reis vergesel. Ons simpatiseer — jou — jou swaar verlies. Hy het nog 'n flou herinnering — sy moeder, wat jare gelede — die koors dood is. — die ring wat sy dra, het sy niks meer om haar — haar moeder te herinner nie. Spioene word — die generaal uitgestuur, om die posiesie — die vyand te verken. — sonsondergang is hy — die plaas aangekom. Hierdie geskifte handel — die trek — die noorde. Hy stel haar — groot gevare bloot, as sy alleen die reis — voet onderneem. Ek lei — jou woorde af, dat jy meer — die saak weet, dan jy — ons wil vertel. — die bloedige geveg, was hy — die spits — sy leër. Ons kanonne het verskriklike verwoesting — die vyand aangerig — hul terugtog.

## IV.

Die visser gaan nie uit op see — stormagtige weer nie. Die smid sal môre — ons die perde beslaan. Die graveur sit my naam — my ring. De messe-

maker se naam is — die hele wereld bekend. Die wynkoper verloor baie geld — die lae pryse — wyn. Die geweermaker wat — ons huis woon, maak — my broer 'n windbuks. Die koekbakker praat — die kinders — hulle piekniek. Die mandjiesmaker hang sy mandjies — die solder — sy werkswinkel. Die beeldhouer gaan eers — Italië — sy terugkeer — sy vaderland. Die haarsnyer sal sy winkel — die vakansie oophou — die baie besoekers in die dorp. My moeder het — die skrynwerker gevra, om — haar 'n rak — haar blomme — die deur — die veranda te maak. Die parlamentslid het sy kiesers — algemene landsake toegesprek — die verslae in die koerant, en — hulle 'n mosie van vertroue gekry — vele teëstanders. Daar is 'n advertensie — die koerant — 'n snelskrywer, en aansoeke saam — getuigskrifte moet — die sekretaris — die end — die maand ingelewer word. — 'n swaar verkoue sal die registrateur nie vandag — sy kantoor wees nie, — 'n kennisgewing — sy deur. Die kok is baie beleefd — ons, en word — almal — die huis gerespekteer — sy goedheid. Hierdie wamaker het — die oorlog baie werk — die regering gekry, — die hoë pryse — sy waens. — die stadsraad word die verpleegsters hartlik bedank — hulle bereidwilligheid, om hulle dienste — beloning — die arm mense beskikbaar te stel — die griep. — ons muur hang 'n prent — 'n beroemde skilder, wat — die sewentiende eeu geleef het. Die looier sal — versuim die velle — ons brei, wat ons — die Bosveld saamgebring het. Die horlosiemaker het — my 'n nuwe horlosie verkoop, — die ou een reg te maak. Daar is groot verskil — opinie — die publiek — die wenslikheid — so 'n fonds. Ek skryf sy foute — sy groot geleerdheid toe, maar ek verbaas my — sy koelheid — sy vorige vriende. — my ondervinding moet ek instem — die bewerings van die vorige spreker.

## V.

Die voetbalwedstryd — die twee Uniwersiteite vind — drie weke plaas — 'n kennisgewing — die dagblaaie. — ek op my gemak gaan sit het, het ek eers die stof — die bank gegee — my sakdoek. Die man wat u — die vuurherd — my vader — druk gesprek sien, is 'n kennis — my. Hy was begaan — die onverskilligheid — sy enigste seun, — wie hy soveel sorg bestee het. Ek neem die geleentheid waar, om my — my vriend te verontskuldig — my skynbare gebrek aan belangstelling, — wat hy my te vertel het. Hy is bevrees — die gevolge van sy daade, en sidder — die gedagte, dat hy verantwoording sal moet doen — wat gebeur het. Hy kan hom skik — omstandighede, en ons twyfel gladnie — sy bekwaamheid om alles stiptelik — wet uit te voer nie.

## VI.

Beslag lê — iets. Die bul — die horings pak. Iets — sy duim suig. — gebreke bly. Van die hak — die tak spring. Iets — die hamer bring. Hare — jou tande hê. Die vyfde wiel — die wa wees. Die gras — iemand se voete wegmaai. Dis water — sy meul. Voet — stuk hou. Iemand — die vingers tik. — sy vinger draai. Die versene — die prikkels slaan. Praatjies — die vaak. Iemand — die tuin lei. Die tou — iets vat. Iemand — die tong kry. Sy tande — iets slyp. 'n Man — een stuk. Iemand — stok kry. Iemand — die harnas ja. Die huis — horings neem. Stank — dank kry. Iets — die keper beskou. Die skouer — die wiel sit. Iemand — die saal lig. Kort — draad wees. Die hef — hande hê. Iemand — 'n lyntjie hou. Iets — heug en meug doen. Iemand iets — die mou speld. Iemand — die pad steek. Vat kry — iemand. Maljan — die hoenders. Omslag maak — iemand.

Mooi weer speel — iemand se geld. — die tou trap. Gou — sy perdjie wees. — staande voet iets doen. Baie — sy kerfstok hê. Die kind — die rekening wees. Heuning — iemand se mond smeer. Sy neus — iemand optrek. Iemand die vel — die ore trek. Woorde — iemand kry. Mosterd — die maaltyd. Iemand — die rede val. Vir iemand die kastaiings — die vuur krap. Iets — die lug gryp. Altyd — dieselfde aambeeld slaan. Iemand — die hande dra. Dis huse — ore. Uit die oog — die hart. Iets — langtande eet. 'n Kat — die sak koop. Iemand iets — vier oë vertel. Iemand — die skaduwee stel. Hy is nie 'n kat om — handskoene aan te pak nie.

---

## VII.

Translate the heavy-typed Prepositions into Afrikaans:—

Die argitek het gister **to** my gesê, dat ek liewers my motorhuis **behind** my huis moet bou. Die prokureur sal as arbieter **between** die twee partye optree. Die tuinier maak 'n heining **round** my tuin. Die boomkweker laat nie toe, dat 'n mens **over** sy grond loop nie. Die advokaat sal enigiets **for the sake of** sy kliënt doen. Die Administrateur het 'n fonds gestig **on behalf of** die vrouens en kinders, wat ly as gevolg **of** die staking. Die sekretaris sal niks doen **without** die voorsitter se verlof nie. **In spite of** die gesonde klimaat, kry die dokters hier meer werk as hulle kan doen. **In the name of** die hof het die regter die jurieledê bedank. Die skoolkind loop **next to** sy meester. Die winkelier maak nog baie geld **notwithstanding** die swaar tye, want hy doen alles wat hy kan **for** die boere. Die magistraat is baie vriendelik **towards** die polisie **on account of** die moeilike werk wat hulle **for** die hof moet verrig. Daar het gister

in die bos 'n ongeluk plaasgevind, en die veldkornet is vanmôre **together with** die dokters daarheen. **Since** jou vertrek, het die landmeter nog nie die grond **along** die rivier kom opmeet nie. **On** die brief wat die briewe-besteller gisteraand **to** my gegee het, is nog 'n skoon posseël. Die bibliotekaris doen aansoek **for** meer rakke **along** die mure van die biblioteek. Die veearts ent ons beeste **in spite of** die feit, dat daar nog nooit siekte **among** ons vee was nie. Die messelaar bou 'n muur **round about** ons huis **according to** die instruksies van die argitek. Die steenbakker het 'n groot steenoond **near to** ons huis gemaak **during** ons afwesigheid. Die skoorsteenveër het **through** die skoorsteen gegaan, en dit **from** die binnekant mooi skoon gemaak. Die kindermeid laat al die kinders **at** tafel sit, **in spite of** die feit dat daar nie **for** almal plek **in** die eetkamer is nie. **Besides** die slagter, was die kruidenier en groenteverkoper albei vanoggend **with** my om te sê, dat hulle winkels Saterdag **instead of** Maandag sal toe wees. Die speurder het eergister **between** twee en drie uur 'n dief **near to** ons kantoor gevang. Die boekverkoper sal ons 'n lys stuur **of** die nuwe boeke wat hy ontvang het, **during** ons verblyf **at** die strand.

### VIII.

Die kruier het ons pakkies **on** die motor gesit wat **outside** die stasie staan, maar hy het vergeet dat ons dit **in** die wagkamer wil plaas, daar ons **at** neë uur weer vertrek. Die oogarts het **to** my gesê, dat hy baie versigtig moet wees **with** sy oë, want **through** agtelosigheid, mag hy sy gesig verloor. Die koetsier sal môre die kar inspan **instead of** vanmiddag, daar ek **with** my vriend graag **past** die tennisbaan wil ry, terwyl die spanne **against** mekaar speel. As jy saam **with** my **to** die tandarts gaan, sal ek **about** drie uur **for** jou kom haal, want jy moet **with** my wees, as hy my tande uit-trek. Die barbier het 'n groot uithangbord **in front of** sy winkel, **besides** 'n rooi-en-wit paal **above** sy deur, **in**

**spite of** die feit dat almal vir hom ken. Die predikant doen ondersoek **concerning** sy gemeentelede wat selde kerk-toe kom, en hy vind uit **to** sy verbasing, dat baie **of** hulle gewoonlik die sondae **along** die strand deurbring.

Make sentences containing the prepositions which you have translated in the above exercises.

---

## IX.

Give the English for the following Prepositions and Phrases. Illustrate the use of each in a sentence.

In, 'van, na, vir', by, op, oor, deur, tot, bo, uit, voor, weens, om, met, teen, aan, langs, naar, naas, trots, sinds, te, volgens, onder, verby, teenoor, agter, rondom, behalwe, ondanks, tydens, namens, omtrent, sedert, bo-op, tussen, newens, omstreeks, kragtens, neffens, langes, terwille van, binnekant, betreffende, ten behoewe van, aangaande, saam met, benewens, nie-teenstaande, naas aan, ten spyte van, gedurende, uitgesonder, in stede van, aangesien, in weerwil van, in vergelyking met, uitgenome, ooreenkomstig met, na gelang van, as gevolg van.

---

## CHAPTER V.

---

 VERBS
 

---

## THE TENSES.

## I.

Write the verb in the:—

## (a) Pluperfect Tense.

Hy stap neffens die perd. Die boer ploeg en eg sy land. Die haan kraai op die werf. Die lammers huppel oor die veld. Die timmerman boor 'n gat in die plank. Ek weet dat hy fluks werk. Ons glo daar niks van nie. Hy verloor al sy geld. Hy dink dat hy alles kan doen. Hy het baie tyd. Daar lê 'n klip in die pad. Die kind belowe sy moeder dat hy soet sal wees. Sy vertel alles aan haar ouers. Hy kla dat hy te veel moet werk. Hy sôre vir sy moeder. Hy dra 'n bril. Die hond blaf vir die jong. Die bedelaar vra 'n stukkie brood. Hy tere sy suster baie. Sy wae meer as ander meisies. Die veewagter ja die skape in die kraal. Hy bêre sy albasters in 'n laaitjie. Die wind waai sterk. Hulle klim in die bome. Hy gee sy vriend goeie raad. Die boer kerf sy twak op 'n blokkie. Ons hys 'n vlag. Die onderwyser prys die leerling. Hy nooi sy maters. Sy kry baie besoekers. Hy vergewe sy vyand. Die kinders vou hulle hande. Hy wys ons die regte pad. Hy ly aan tering. Ons raai wat hy in sy sak het. Die

diensbode bedrieë haar nooi. Die kok braai vleis. Die winkelier weë die suiker in 'n skaal. Hy skuil agter 'n boom. Hy ry 'n mak perd. Hulle sê wat hulle wil. Hy beveel sy werksmense om vroeër soggens te kom. Hy suie die limonade deur 'n strooitjie. Die draad buie maklik. Sy sit langs die vuur.

## II.

### (b) Present Tense.

Ons het die pragtige geboue gesien. Hy het mooi geskryf. Dit het die heelnag gereën. Hy het beduie, maar ons kon hom nie verstaan nie, dus wis ons nie wat hy wou hê nie. Die troepe het in rye gestaan. Die tuinier het al die takke stukkend gesae. Hy het gou sy werk gedoen. Die voetbalspelers het al hul wedstryde gewen. Die besoekers het lank voor die deur gestaan. Die ingenieur het 'n put gegrawe. Hy het so gebewe, dat hy nie kon skrywe nie. Die koetsier het die perd te veel geslaan, daarom wou die dier nie trek nie. Die famielie het hul goed al begin inpak. Die besoekers het onder die bome geëet. Die kinders het baie van lemoene gehou. Hy het altyd verloor, as ons speel. Ons het geweet waar julle woon. Hulle het dwarsdeur die bos gegaan. Niemand het hom sy posiesie beny nie. Hy het altoos slegte geselskap vermy. Die dief het selfmoord gepleeg. Die seuns het alles gedoen wat ons hulle gesê het. Hy het 'n paar nartjies in die mandjie gebring. Hulle het dikwels aan hul aangename kinderjare gedink. Ons het gesoek, maar kon niks kry nie. Sy voet het weggegly, en hy het amper geval. Sy vader het 'n nuwe motorkar gekoop. Hulle het hul sonde bely. Die jong het die perd na die water gelei. Voordat ons geskei het, het ons ooreengekom om gereeld na mekaar te skryf. Die jagter het sy geweer betyds gelaai.

---

**AUXILIARY VERBS.**

## I.

Write the verb in the:—

## (a) Future Tense.

Ek het 'n boek. Hy mag nie uitgaan nie. Hy durf nie voor sy vader rook nie. Hulle wil graag by ons kom kuier. Ek is baie bly. Die kind moet skool-toe gaan. Sy kan dit maklik doen.

## (b) Past Tense, and also translate.

Hy moet met sy vriend saamgaan, maar sy onderwyser wil hom nie toelaat nie. Hy sal jou besoek, as hy kan, maar vir 'n paar dae mag hy nie van sy kantoor afwesig wees nie. Hy wil graag baie dinge doen, maar het nie die nodige tyd nie. Hy kan goed leer, as hy maar net wil. Hy mag nog gesond word, as hy betyds kan weggaan. Hy moet nog baie jare studeer, maar hy wil nie. Hy is op die stasie, want hy moet sy moeder ontmoet. Dit mag wees dat hy daar is. Hy moet deur sy eksamen kom, daarom wil hy hard werk. Hy sal gaan veg, as hy moet. Die kosganger wil saans rondloop, maar hy mag nie. Hulle kan hom uit sy moeilikheid help, maar hulle wil nie. Hy is al groot, maar kan niks vir homself doen nie. Hy sal, as hy wil. Hy kan, as hy sal. Hy mag, as hy kan. Hy sal, as hy moet. Hy mag, as hy wil. Hy moet, as hy kan. Hy sal, as hy mag. Hy kan, as hy mag. Hy wil, as hy kan. Hy mag, as hy sal. Hy kan, as hy moet.

---

Translate into Afrikaans:—

## II.

I have; I had; I shall have; I have had; I should have had; I had had; I shall have had; I would have; I would have had; to have; to have had; I may (or) am allowed to; I was allowed to; I wish to; I wanted

to; I shall or will; I can; I could; I dare; I would or should; I ought to; I must; I had to; I was; I had been; I am; I shall have been; I shall be; I should have been; be (Imper.); you must be; I shall have been; to have been.

### III.

They shall have had. I will be allowed to. He could have come, if he wanted to. We should have been there. You ought to go. I was allowed to come, but I did not wish to. They must go. He may go, when he likes. I would have told him, if he wished to know. They should have been here yesterday. I should like to go, if I may. Be good, let those who will, be clever. I should have thought that he would have liked to come. If I am at home, I shall be glad to see you. Ought he to work, when he is sick? They should not do it, as their parents might not like it. If he should come, please tell him I may not go out. If I should, well then I must.

---

### REFLEXIVE VERBS.

Fill up the blank spaces in the following sentences with an appropriate Noun or Pronoun, and translate:—

Hy het — vergis, as hy dit gesê het. Die kind skaam — oor sy gedrag. Die meisie was — in warm water. As die gevangene — nie verbeter nie, sal hy in die tronk moet bly. Die soldate het — oorgegee, toe hulle omsingel was. U moet — asseblief verskoon, as ek laat kom. Hy beroep — op die koning. Ons gaan — in daardie dorp vestig. Ek beklaag —, as julle in sulke weer gaan bergklim. Die kind verbeel —, dat hy beter weet as 'n ander. Hulle

begewe — na die slagveld. Ons ontferm — oor die die weeskinders. Hy bevind — in 'n moeilike posiesie. Sy het — verspreek, toe sy dit sê. Ek verseker —, dat ek daar betyds sal wees. Die barbier skeer — nie; hy skeer —. Ons herinner — aan hul pligte. Hy beroem — op sy geleerdheid. Die lede beywer — in belang van hul vereniging. Die student matig — baie aan. Bedien — asseblief met al wat u nodig het. Hy berei — vir sy eksamen voor. Ons vyande verheug — oor ons ongeluk. Die vergadering het — met die saak belas. Ons het — beweeg om sy reis uit te stel. Hulle steur — aan niemand nie. Die seun onderhou —. Die dokter sê hy moet — in warm water baai. — was met 'n lieue kindjie verbly. Die kinders versprei — oor die speelgronde. Die winkelier het — bedrieg. Ek bevry — van sy las. Hulle het — van nalatigheid beskuldig. Sy oefen — op die klavier. Hy bemoei — graag met 'n ander se besigheid. Die moeder bekommer — oor haar kind. Hulle het — baie moeite getroos om dit vir ons aangenaam te maak. Die kwajong ontsien — nie, en loop voor hulle met 'n sigaret in die mond.

---

### IMPERSONAL VERBS.

Translate the heavy-typed words into Afrikaans:—

Dit het op die berge **snowed**. Dit het laaste nag **thundered and lightened**. Dit **frosts** baie in die onderveld. Sodra die son onder is, begint dit te **dew**. **He was fortunate** om 'n prys te kry. **He lacks** tyd en geld. Dit **surprises** my, dat hy nog nie tuis is nie. Dit **delights** sy ouers, dat hy so fluks leer. Dit **pleases** my nie heeltemal nie. Dit **grieves** die vader om sy seun te straf. **He repents** oor sy slegte

gedrag. **I am sorry**, dat ek nie kon kom nie. **I am astonished**, dat hy so 'n gerug kan versprei. **It is unbecoming for you**, om daaraan deel te neem. Dit **pains** my om dit aan sy onderwyser te vertel. Dit **surprises** my, dat hy so gou fris geword het. Dit **has escaped my memory**, wat hy gesê het. Dit **pleases** my om jou hier te sien.

---

### SEPARABLE VERBS.

Write the following sentences in the Past Tense:—

#### I.

In ons skool sal gou 'n betrekking oopval. Sy hou aan haar broer vas. Die pappegaai aap alles na, wat hy hoor. Wie sal die horlosie opwen? Die veewagter moet die skape oppas. Sy vriende wens hom geluk op sy verjaardag. Die winkelier sal alles opskryf. Hy sal hom aan die drank oorgee. Hy wil die nuwe lede aan ons voorstel. Die kinders staan aan allerlei gevare bloot. Die timmerman lig die kas op, en sit 'n blok daaronder. Die passasiers wandel op die dek. Hy haal swaar asem. Die leerling neem in al die spele deel. Die jong saal die perd op. Die koeie loop los in die kamp. Hy ag sy vriende hoog. Ons moes op daardie stasie 'n dag oorlê. Die afnemer plak die portrette op. Die bedrae kom nie ooreen nie. Hy wil net sy ouers gerusstel, en meen om weer voetbal te speel. Ons vind dit goed, dat jy daar 'n bietjie rondgaan. Hy skat sy opponent baie gering. Die gevangene wou die speurder omkoop. Ek raai hom aan om getrou sy plig te doen. My suster hou vir ons huis. My vriend sal hom oorwerk. Die gewonde soldaat sal nie deurkom nie. Die ruiter moet deurry, voordat die rivier vol is. Engeland oorhandig die kasteel aan die Unie-regering. Sy bring al haar tyd in die biblioteek deur. Die jong wil die perde inspan. Hy stem toe,

dat ons met sy kar kan ry. Die voorsitter keur die rapport goed. Die son gaan pragtig onder. Die onderwyseres sê die kinders voor, wat hulle moet antwoord. Sy kan haar goed voordoen. Die klerk weë die pakkies oor. Die wolke dryf oor, en ons sal nie reën kly nie. Die diensbode skink die koppies vol.

## II.

Hy wil my afraai om nie die huis te koop nie. Die hond gooi die melkkan om. Hy spel die woord aan die klas voor. Die seun hou sy vriend se kop onder die water. Die troepe sal deur die hele land trek. Die dief sal weer voorkom. Ek sal sy foute hierdie keer oorsien. Die digter lees sy verse voor. Die skilpad sal uit die tuintjie wegloop. Die dogtertjie kruip agter haar moeder weg. Hulle laai die wa oor, voordat hulle inspan. Die visser palm die tou in. Sy wil nie die blom weggooi nie. Die esel skop agterop. Die meester keur die gedrag van sy leerling goed. Die gemeente bly 'n rukkie agter. Ons raai hom aan om te bly. Die kinders het hul ouers lief. Die advokaat pleit die gevangene vry. Die sterkste kêrels sal voorspel. Hy loop voor om ons die pad te wys. Die luitenant stel belang in sy manskappe. Hy gee voor dat hy nie bang is nie. Ons sal mekaar weersien. Die vyand sal ons in hierdie digte bosse voorlê. Die oorlog sal lank voortduur. Hy slaan die bal mis. Sy gee al haar boeke weg. Die kind spreek die naam mooi uit. Die hond loop my oral na. Die landmeter meet die erwe op. Die vrou praat groot, en hemel haar kinders op. Ons kom in hierdie gebou saam. Die kaptein blaas die voetbal op. Wie neem sy betrekking waar, solank as hy siek is? Die vyand vel die spioene een vir een neer. Die dogtertjies spring goed riem. Hy vysel hul maat-kappy op. Die klerk hou van die geld agter.

---

**INSEPARABLE VERBS.**

Write the following sentences in the Pluperfect Tense:—

## III.

Die dief ondergaan sy straf. Ons sal sy voorstel oorweë. Hy oordryf alles wat hy vertel. Niemand sal die brief onderteken nie. Die kaffer deursteek die gewonde man met 'n asgaai. Die generaal voorspel 'n oorwinning. Die kandidaat sal alles moet oorskryf. Die jong ooreet hom. Op dié manier sal ons 'n ongeluk voorkom. Van die top van die berg oorsien ons die hele stad. Hy oorlê die planne goed. Hulle oortree die wet. Ons voorsien julle van alles. Die geweer-skoot weergalm in die kloof. Ons onderwerp ons aan die reël. Die politiese ondersoek die saak. Hy onder-vra die getuie. Die hond agtervolg die jakhals. Die een getuie weerspreek die ander. Hy sal sy betrekking aanvaar. Dit voldoen nie aan ons vereiste nie. Ons ontsê ons die voorreg om daaraan deel te neem. Hy flikflooï by sy baas, omdat by 'n beter betrekking wil hê. Hy ondermyn sy gesondheid. Die pragtige musiek weerklink in die groot saal. Sy praat te veel en verspreek haar dikwels. Hy voltooi sy werk. Die heidene aanbid die son. Ons sal hom omhaal om nog langer te bly. Julle mishandel die dier. Die saadjies ontkiem gou. Sy sal baie sake in die stad verrig. Die blom-metjies in die tuin ontluk. Hy misbruik sy mag. Ons sal hom in alles tegemoet kom. Die vyand sal die brief onderskep. Ek sal die geld ontvang. Hy volhard in sy werk. Sy verlustig haar in al die skoonheid. Die tyd sal ons dit moet openbaar. Die spioen vermoem hom voordat hy vertrek. Die vyand sal die stad omsingel. Die burgemeester onthaal die teruggekeerde troepe.

## IV.

Ek ondersteun jou voorstel. Die moeder sal haar seun nie herken nie. Sy sal ons verlaat en alleen die berg beklim. Die vader verwelkom sy dogters. Die generaals onderhandel met die vyand. Sy gedrag mishaag ons. Die boekhouer sal miskien die tjek vervals. Ons sal ons grondgebied herower. Die meisie omhels haar moeder. Ons poging sal misluk. Die vyand herneem die stelling met groot verlies. Sy bepeins die woorde van haar vriendin. Hy sal onthou, wat ons hom sê. Hy onderneem te veel werk. Die boer herskep die woestyn in 'n paradys. Die kind begryp nie, wat jy bedoel nie. Hy onderwys 'n groot klas. Die volk verwonder hulle oor al wat hulle sien. Ons sal veel tyd en moeite bespaar. Die baas vertrou sy werksmense. Hy sal die versoeking weerstaan. Die kaffers oorweldig die laer. Hy ontken alles, wat in die koerant staan. Ons betreur sy heengaan. Hy sal sy doel bereik. Hulle bewoon 'n vrugbare streek. Ons behelp ons so goed as ons kan. Niemand sal ontvlug nie. Ons waardeer jou vriendskap. Waarom onstel sy haar? Die partye sal nie herenig nie. Op dié manier sal ons ons kragte verbrokkel. Die bome in die tuin verdroog. Ons sal op hierdie eiland oorwinter. Die voorsitter herhaal sy toespraak in Afrikaans. Die voetbalspan sal die beker herwin. Die gids ontsluit die deur. Ons sal hom nie oortuig nie. Die land ontwikkel snel. Hy verag sy opponent nie. Die soldate oorrompel die stad. Ons offisiere sal die vyand uitoorlê.

---

## DERIVATIVE VERBS.

State from what Noun, Adjective, Adverb, Verb or Preposition each of the heavy-typed Verbs is derived:—

Die kind **lispel** so, dat 'n mens hom nouliks kan verstaan. Die vyand moes vir die oormag **vlug**. Hy ry graag op 'n perd wat **trippel**. Die arme wese staan op die hoek van die straat en **bedel**. Die moeder **soog** haar kind. Die vermoede soldate **smag** na rus. Die muis **knabbel** aan die kaas. De houthakker het al die grootste home **gevel**. Hy is op die slagveld **gesneuwel**. Die leerling **stotter**, en vind dit moeilik om sy les op te sê. Die voorsitter het 'n paar bemoedigende woorde **geuit**. Hy het 'n gat deur die plank **geboor**. Die veewagter het 'n skaap **geslag**. Hy het so **gehik**, dat ons hom aangeraai het om 'n bietjie water te gaan drink. Die kinders **kibbel** oor 'n appel. Sy **knip** prentjies uit die boek. Hy **buk** om die blom te pluk. Die swemmer **bibber** van kou. Die tronkbewaarder **grendel** die deur. Die nasies het teen mekaar oorlog **gevoer**. Hy **sit** die kers op die tafel. Die sterre **fonkel** aan die hemel. Hy **hamer** spykers in die plank. Hy **dribbel** die bal tussen die spelers deur. Die **kurk** dobber op die water. Hy wandel langs die see. Hy is senuweeagtig en **hakkel** soms baie. Die jong is **geneig** om sy werk te verwaarloos. Hy het sy voet **verswik** en kan nie loop nie. Die boer ploeg met muile. Die seun **lel** die perd koud. Die kok het die erte **uitgepeul**. Die grysaard **wankel**, as hy loop. Die lammers **huppel** agter die skape aan. Die houtkapper **kloof** die boomstam. Die kalf is groot, en moet **gespeen** word. Die bediende **stof** die prente af. Hy **krabbel** 'n paar reëltjies op die papier. Hy **wag** vir sy dogter. Die onderste stene in die gebou word sleg en **verbrokkel** langzaam. Die mens **wik**, God beskik. Die treinspoor word **verleng**. Die nuwe motorkarre is al **ontskeep**. Die koetsier is oorlams, en weet hoe om die wilde perd te **bredel**.

---

**THE PAST PARTICIPLE.**

*Note*:—Verbs of more than one syllable, ending in **-eer**, form their past participles either with or without the prefix **ge-**.

Make sentences containing the Past Participles of the following Verbs:—

Akkordeef, formeer, fotografeer, hanteer, kombineer, kleiner, kontroleer, kontrasteer, opereer, koloniseer, prospektee, profeteer, konstitueer, konstrueer, koöpereer, produseer, konsentreer, konsulteer, patroleer, presideer, protesteer, prepareer, presteer, presenteer, populariseer, praktiseer, prospektee, proklameer, publiseer, prefereer, presumeer, prakseer, relegeer, refereer, rekommandeer, rekapituleer, reorganiseer, resenseer, resiteer, respekteer, repareer, retireer, regeer, reflekteer, rapporteer,, reduceer, redigeer, ruïneer, riskeer, rebelleer, rehabiliteer, registreer, rekruteer, spandeer, spasiëer, sorteer, stipuleer, spekuldeer, sentraliseer, tempteer, trakteeer.

**STRONG AND WEAK PAST PARTICIPLES USED AS ADJECTIVES.**

Fill in appropriate Nouns in the spaces left blank:—

- 'n gespande —; met gespanne —;
- 'n gesluite —; 'n geslote —;
- 'n getrekte —; 'n betrokke —;
- 'n geslypte —; 'n geslepe —;
- 'n afgelegde —; 'n afgeleë —;
- 'n opgewinde —; 'n opgewonde —;
- 'n bespreekte —; van onbesproke —;
- 'n gebreekte —; 'n gebroke —;
- 'n versuipte —; 'n besope —;
- 'n geleesde —; 'n belese —;
- 'n gebinde; 'n gebonde —;

geskinkte —; 'n beskonke —;  
 'n geweegde —; 'n oorwoë —;  
 'n verdryfde —; 'n oordrewe —;  
 'n verkrimpte —; 'n bekrompe —;  
 'n geslyte —; 'n verslete —;  
 'n verslaapte —; 'n ontslape —;  
 'n geswelde —; 'n geswolle —;  
 'n gebelgde —; 'n verbolge —;  
 'n verskrikte —; 'n onverskrokke —;  
 'n ingesweerde —; geswore —;  
 'n verwerpte —; 'n afgeworpe —;  
 'n volgeskryfde —; 'n beskrewe —;  
 'n verslaande —; 'n goedgeslaagde —;  
 'n verkoopte —; 'n duur gekogte —;

## II.

gesteelde —; 'n opgeblaasde —; verwronge —;  
 'n gedwonge —; 'n gevalle —; 'n verslaapte —;  
 met gevoue —; gelede —; met bebloeide —;  
 'n bebroeide —; geskonde —; 'n gewroke —;  
 'n gelaaide —; 'n verbanne —; vervloë —;  
 'n geredde —; verkreë —; uitgespruite —;  
 bedroë —; gespuite —; 'n gegewe —;  
 'n ingevoerde —; bedroë —; gekerfde —;  
 opgehewe —; 'n gevange —; berede —;  
 versweë —; gewaste —; verstyfde —;  
 gestyfde —; gelede —; 'n oorlede —;  
 'n aangebode —; 'n ondernome —;  
 'n onbestrede —; 'n oncoortroffe —;  
 'n onbeholpe —; 'n vervalle —;  
 ondervonde —; verborge —; gemaalde —;  
 'n geslaagde —; 'n verslae —; gedane —;  
 'n verlore —; 'n mislukte —; gesnyde —;  
 'n geprysde —; gespringde —; 'n veelgeprese —;  
 'n uitgeputte —; gerysde —; 'n herkose —;

## III.

Substitute Afrikaans Past Participles for the heavy-typed words:—

'n **overworked** perd; 'n **ploughed** wingerd; **spared** moeite; **saved** geld; **trusted** friends; 'n **commandeered** burger; **boiled** eiers; **wasted** tyd; 'n **acclaimed** plan; **awakened** kinders; 'n **planed** balk; 'n **civilised** volk; **painted** dames; 'n **painted** huis; **exalted** gedagtes; **burnt** steenkool; a **burnt-down** huis; 'n **sowed** land; 'n **sewed** voorskoot; 'n **achieved** oorwinning; **suffered** onreg; 'n **written** ooreenkoms; 'n **ex-soldaat**; **sunk** skepe; 'n **snapped** draad; **shrunk** klere; 'n **dug** put; 'n **settled** rekening; 'n **closed** koop; **compulsory** onderwys; **hidden** skatte; 'n **elected** kandidaat; 'n **deceived** handelaar; 'n **healed** wond; 'n **broken** been; **stolen** goed; op **definite** tye; **sworn** vyande; **spoilt** kinders; 'n **rejected** voorstel; 'n **created** wêreld; **acquired** kennis; 'n **well-read** man; **stewed** vrugte; 'n **untrodden** weg; 'n **withered** blom; 'n **suspended** vonnis; 'n **repealed** wet.

## IV.

**cut** tabak; **weighed** pakkies; **run-away** soldate; **shaved** jongkêrels; **deceased** ouers; **drawn** strepe; **offered** dienste; **suffered** smart; **unwashed** hande; 'n **inherited** plaas; **well-discussed** planne; 'n **dilapidated** gebou; **roasted** koffie; **folded** arms; **salted** vleis; 'n **loaded** geweer; met **rapt** aandag; 'n **restless** lewe; **shunned** maters; **worn-out** skoene; 'n **tied** lewe; 'n **frightened** perd; 'n **violated** verdrag; **despatched** briewe; 'n **escaped** gevangene; 'n **won** prys; 'n **wounded** soldaat; 'n **drowned** kind; **germinated** saad; 'n **bent** tak; 'n **for-gotten** onreg; eers **given**, dan **taken**, erger as 'n **dief stolen**; 'n **spoken** woord; 'n **laid** hoeksteen; 'n **clumsy** kêrel; die **prodigal** son; 'n **entrapped** dier; eensaam en **forsaken**; 'n **contradicted** berig; **separated** vriende; 'n **pensioned** amptenaar; 'n **cracked** bord; **italicised** words; 'n **organised** leër; 'n **well-governed** land; 'n **plundered**

dorp; **reported** gevegte; **reproduced** portrette; 'n **subsidised** inrigting; 'n **neglected** blomtuin; 'n **embarrassed** dame; **appreciated** hulp; **betrayed** spioene.

Add **d** to the heavy-typed Past Participle where necessary:—

## I.

My vader het my saans tuis **geleer**. Hy siet daar **geleer** uit. Hy is baie **verander**. Ons huis word **verander**. Hulle het die vergadering goed **adverteer**. Die Provinsie word goed **administreer**. Dit lyk my of daardie skaap **afgedwaal** is. Sy skuld is **afbetaal**. Die verandering het ons nie **affekteer** nie. Hy siet daar taamlik **afgeleef** uit. Die plan is deur ons **afgekeur**. Die teëparty het al ons mense **afgerokkel**. Hy het dië slegte gewoonte **afgewen**. Die klimaat het met hom **akkordeer**. Daardie wet word **geamendeer**. Die vergadering was **geanimeer**. Die gevangene het teen sy vonnis **geappeleer**. Sy toespraak word **apploudiseer**. Die hele boek is met ink **besmeer**. Hy word **betaal** vir sy dienste. Sy heengaan word diep **betreur**. Dit lyk of hy heeltemal van sy mense **vervreem** is. Ons het hom altoos **bewonder**. Die stad is **gebombardeer**. Waarom lyk jy so **teleurgestel**. Die grond is **geploeg**. Hy het al sy sakke **gevol**. Die gebou lyk mooi **gedekoreer**. Ons koerant word goed **geredigeer**. In Amerika word geen drank meer **distilleer** nie. Die dak is mooi **geverf**. Die kind het my alles **vertel**. Die geld was mooi **verdeel**. Ons grond is duidelik **afgebaken**. Die vyand het sy lewe **gespaar**. Die goeie koring is met die slegte **gemeng**. Die soldate word elke dag **geoefen**. Ons het haar **gerusgestel**. Die leër het 'n skitterende oorwinning **behaal**. Die eksamenvrae word vroegtydig **gestel**. Hy is op sy eer **gestel**. Hy lyk my **gesteur**. Die party het **herenig**.

## II.

Ons sitplekke is **gereserveer**. Sulke vryhede word nie hier **veroorloof** nie. Alles is vooraf **gereël**. Dit is baie **gewaag**. Die troepe het die stad **bestorm**. Daardie generaal word deur die vyand **gevrees**. Dit word deur niemand **geloof** nie. Hy is goed **ontwikkel**. Die boek is mooi **gedruk**. Sy naam is ook **genoem**. Die aanval is **misluk**. Daar word baie **gesukkel**. Hy is **geveins** met die kleintjies. Die deur is **vasgegendel**. Die orde word deur die voorsitter **gehandhaaf**. Hy gaan **ongehinder** met sy werk voort. Soiets is **ongehoer**. Sy naam word deur ons **gehuldig**. Hy is dadelik **geidentifiseer**. Hy is in sy vorige betrekking **herstel**. Die vraagstuk is baie **ingewikkel**. Daar word baie goed deur ons **ingevoer**. Die belastings is al **ingevorder**. Wanneer word die nuwe kerk **ingewy**? Sy klere is **gekreukel**. Daar word veel geld **gekollekteer**. Sy hand is stukkend **gekrap**. Hy het sy arms voor sy bors **gekruis**. Die wind het die houthuis **omvergegooi**. Hy staan **onbevrees** voor sy beskuldigters. Sy gesondheid is totaal **ondermyn**. Daardie kind is nog **ongedoopt**. Die brandwag is **ongewapen**. Die vredesverdrag is **geratifieer**. Hy was deur almal **gerespekteer**. Hy het sy verdediging **reserveer**. Ons buurman is **welgestel**.

---

**ACTIVE AND PASSIVE VOICE.**

Write the following sentences in the **Passive**:—

## I.

Ek slaan die hond. Die perde trek die kar. Die onderwyser leer die kinders. Die kat vang die muis. Hy skiet die bok. Jan slag die skaap. Die jong skop die hond. My oom verkoop die plaas. Jou broer lees die boek. Ek doen die werk. Die brandweer blus die

vuur. Die kind sê die versies op. Ons sien die lugskip. My suster gee die boek vir my. Hy leen my horlosie. Jy skryf 'n brief. Sy brei 'n serp. Hy maak die deur toe. Ons drink koffie. Ek mis hom baie.

## II.

Jy lees 'n boek. My vader roep vir jou. Sy trek haar jas aan. My broer red die drenkeling. Die kinders gooi klippers in die dam. Die koster lui die klok. Hy breek die ruite. Die briewebesteller bring 'n pakkie vir ons. Die jongetjies skop die voetbal. Die meisies speel tennis. Die osse trek die swaar wa. Jan dra sy suster. Hy sit sy hoed op. Hulle maak baie kaas in Holland. Hy sal die geld verloor. Die osse drink water. Sy gewete plaag hom. Ek het my boek tuis vergeet. Die Parlement maak die wette. Die water het die brug weggespoel. Die dokter besoek my vader. Die vyand lê die wapens neer. Ons glo dit nie. Die wind swaai die takke. Hy gee geld vir die arm mense. Hulle boer daar met skape. Die skrywer druk sy gedagtes mooi uit. In ons skool leer ons hout-werk. Hy het baie kwaad gestig. Ek lees graag sulke gedigte. Hy vat sy boeksak en groet sy moeder.

## III.

Soiets sien 'n mens nie aldag nie. Het jy jou broer herken? Ek sal die water kook. Hy het net 'n paar woorde gesê. Ons moet kaartjies by die deur verkoop. Sy pa het 'n paar erwe gekoop. Die kinders kan al die gedigte leer. Ons ontvang net vrywillige gifte. Dié moeder voed haar kinders mooi op. Die veewagter maak 'n groot slang dood. Die jagters omsingel en skiet die bobbejane. Hy het sy doel bereik. Ek kan sy skrif nie lees nie. Hulle geniet die vakansie. My ouers sal hom verwelkom. Ons kan die spreker nie hoor nie.

## IV.

Daardie kneg het baie geld gesteel. Die swaweltjies bou 'n nessie in ons waenhuis. Die volk laai die skotskar vol grond. Het jy die brief gepos? Die kaffertjie sal die hek oopmaak. Die vader het vir sy kinders lekkers gekoop. Hy het ons 'n baie mooi storie vertel. Die bedelaar steek sy hand uit om geld te vra. Die moeder maak vir haar dogters kappies. Hy het al die bome vyftien duim van die grond afgesaag. Die skrywer sal die verhaal eindig. Die dominee ontvang ons vriendelik. Hulle kan die teenwoordige voorsitter weer voorstel. Die onderwyser het die prys aan die beste leerling gegee. Hy het 'n groot werk vir sy volk verrig. Die mense van Europa het in die ou tyd lang handelsreise onderneem. Die Hottentotte het baie skape en beeste besit. Die kollektant samel geld in vir die hospitaalfonds. Ons moet die daad by die woord voeg. In 1517 het die Turke koffie in hul land ingevoer. Die wet straf 'n boer vir brandsiekte onder skape. Daardie skrywer behandel die Trekgeskiedenis breedvoerig.

## V.

Die generaal het die leër in afdelings verdeel. Die koeëls van die vyand het vyftig van die soldate gedood. Die afslaer het baie vee verkoop. Die moeder sal geen onderskeid tussen haar seuns maak nie. Die kaffers het die laer vroeg in die môre aangeval. Die winkelier verhoog die pryse van al sy goed. My vader ploeg die grond en plant vrugtebome. U sal my versoek moet toestaan. Die soldate het die posiesies van die vyand gebombardeer. Die wind berowe die bome van hul laaste blare. Die jagter het 'n bok met sy mouser geskiet. Ons troepe sal die kasteel bestorm. Daar is 'n gids, wat ons deur die grotte kan lei. Die man stop sy pyp en knoop opnuut 'n gesprek aan. Die polisie mag die gevangene skiet, as hy weghardloop.

## VI.

'n Kryssaad het al die rebelle tot die dood veroordeel. Van Riebeeck het in 1652 die volksplanting aan die Kaap gestig. Die samestellers van daardie boek het veel tyd daaraan bestee. Ons het die hond, wat die perd geskop het, moes doodskiet. Die oggend-gloed van die skone dagbreek maak die lug helder, en 'n mens kan die sonnestrale pragtig deur die bome sien. Die wind het al die bome in die nabyheid geweldig verskeur. Die kind huil, omdat die hond hom gebyt het. Die wet beskerm verskeie diere, anders roei die mense hulle uit. My moeder sal my vriende op my verjaardag na ons huis nooi. Daardie man kan mooi grappies maak.

## VII.

Write the following sentences in the **Active**:—

Die gerug word deur hom versprei. Die dak word met sinkplate gedek. Die kind word deur sy moeder gestraf. 'n Kind moet geleer word om ou mense te respekteer. Hierdie kar word deur die kruidenier in die stad rondgestuur. Hy word in die kerkhof begrawe. Die leeu is deur my oom geskiet. Die rem word deur die drywer aangedraai. Die geweer van die gewonde soldaat is deur sy maat gedra. Hy word deur die vergadering gekies as voorsitter. Die dorp is deur die vyand ingeneem. Die skote word deur ons manskappe gehoor. Die olifante is deur die jagters gesien. Die boer se plaas word môre deur die afslaer verkoop. Spoedig word hy hier verwag. Die voetbal word deur die spelers geskop. Jan word deur die meester gestraf. Die misdadiger is deur die magistraat gevonniss. Hulle word deur die vyand omsingel. 'n Week later is hy tot Kommandant-Generaal verhoog. Die pakkie is

veilig in die laai deur die klerk gebêre. Die wilde perd word deur die volk in die kraal geja, en met 'n riem gevang. Hy is in die oorlog deur sy skouer geskiet. Hy word deur my aan die vergadering voorgestel.

### VIII.

Hy is deur sy vriende verwelkom. Die gesprek is deur iemand gestoor. Die boek is deur die Standaard Pers uitgegee. Die stadsaal was deur die spelers gehuur. Die vraag is deur die onderwyser aan die klas gestel. 'n Tier is deur die piekniekmakers gesien. Die konferensie is deur die plaaslike leraar geopen. Aan daardie vraagstuk was heelwat tyd gewy. Die vereniging word deur vreemdelinge ondersteun. Die dorp is deur die Hollandse Kerk gestig. Alle geldelike bydraes was na die tesourier gestuur. Die jaarlikse vergadering is in die skoolkamer gehou. Hy is aangestel as reisende sekretaris. Dit word vertel, dat hy erg gewond is. Haar plan is nou verander. Hierdie gebou was deur my voorouers opgerig. Hy was erg deur 'n leeu beseer. Dit word gesê, dat hy deur alle klasse hartlik ontvang was. Die kwessie was deeglik deur die afgevaardigdes bespreek. Die noodsaaklikheid van 'n beter onderwysstelsel was nie erken nie. Die mans was deur hul vrouens bygestaan. Die reisiger is van al sy geld deur diewe berowe. Die mees afgeleë plase was deur die troepe besoek. Die ploeg word deur osse getrek. Aan daardie deur mag nie geklop word nie. Die Bybel was getrou deur die Voortrekkers gelees. Hierdie streek is deur Voortrekkers in besit geneem, en word vandag deur Afrikaanse gesinne bewoon. 'n Gerug word versprei, dat hy deur die kaffers vermoor is, maar dit word nie deur sy famielie geglo nie. Die beroemde daad is deur hierdie dapper klein kêreltjie verrig. Die kaffer was deur 'n slang gebyt, en deur sy maat met 'n teëgif genees. Hierin is deur die Regering toegestem, en planne is toe beraam geword. In die jaar 1665 was dit deur die Direkteurê

van die Oos-Indiese Kompanjie besluit om die Kasteel te bou, en toe is instruksies gegee, dat die werk dadelik begin moes word. Meer as een verbetering is deur Simon van der Stel in die Kasteel aangebring, en onder sy regering, is ook verskeie van die geboue binne-in opgetrek.

---

## IX.

Where possible, turn the Active Verbs into the Passive, and vice versa:—

Die jaar 1919 sal nie lig deur ons vergeet word nie. Op die wêreldtoneel is daar belangrike dramas afgespeel geword, en in ons eie land is daar ook heelwat gebeur. Die ganse jaar lank, het die mensdom gesukkel om 'n vrede tot stand te bring, wat aan 'n uitgeputte en verarmde Europa weer rus en verposing sou gee.

Die ou Europa bied dan op die oomblik 'n treurige skouspel aan, en die regeerders van die wêreld sal spoedig die vrede moet herstel, indien hulle die grootste gedeelte van die mensdom, van 'n gewisse ondergang wil red.

Suid-Afrika het ook met sy moeilikhede te kampe. Die ryk van die arme-blankendom word reeds op skrikbarende wyse uitgebrei, en die duurte van lewensmiddels word so abnormaal, dat die werkende klasse gedwing word, om gedurig verhoogde lone te vra. Met dit alles, word die maatskappy ontevrede, en verlang na die goeie ou tyd toe 'n paar sielings, vir 'n arm man 'n skat was, en toe die land geluk en voorspoed geniet het.

---

## CHAPTER. VI.

## ADVERBS

There are Adverbs of:—(1) Time (selde — seldom), (2) Place (weg — away), (3) Manner (hard — hard), (4) Degree (baie — much), (5) Doubt (miskien — perhaps), (6) Interrogative Adverbs (wanneer — when), (7) Affirmative (seker — certainly), (8) Negative (nie — not).

## I.

Classify the following Adverbs as above, and use each in a sentence:—

Moeilik, snags, hierheen, darem, uiters, gladnie, hoelank, moontlik, vorentoe, heerlik, vanmelewe, waar, omtrent, nooit, dalk, hoekom, daarlangs, waarskynlik, tevergeefs, deur en deur, huis-toe, teenswoordig, waarom, altoos, altemit, skaars, hoe, verniet, minstens, regs, vroeër, duidelik, duskant, lieflik, absoluut, soontoe, stilletjies, tevergeefs, soëwe, eergister, fluks, toevallig, waarnatoe, nee, half, effentjies, ja, nouliks, sit-sit, straks, te, volstrek nie, weer, dikwels, oral, liewers, waarlik, links, oormôre, dans-dans, amper, vermoedelik, baie, fluit-fluit, waarheen, mos, verkeerd.

Translate the heavy-typed Adverbs into Afrikaans:-

## II.

Kom asseblief môre **hither**. Die pen skryf **well**. Dis **difficult** om hom te hoor. Hy het **quietly** agter haar stoel gaan staan. Ek wag al' **a long time** vir jou. Ek het **everywhere** gesoek, maar kan dit nie kry nie. As jy **in time** kom, kan ons **from here** saamgaan. Loop **quickly**, want jy is **already** laat. Ek kan **at night** nie slaap nie. Ek sien hom **everyday**. **In the evening** kan hy nie in die bed kom nie, **in the morning** wil hy nie weer opstaan nie. Sê vir hom hy moet **immediately** hiernatoe kom. Die son skyn **delightfully**. As julle **again** mekaar ontmoet, kan julle die saak bespreek. Ek het **peacefully** op my bed gelê en lees. Hoor, hoe reën dit **outside**. Ek wil **rather** môre gaan, **not** oormôre nie. Hy maak alles **right** wat verkeerd is. Ek sal **quickly** my werk doen. **When** het jy gekom? Hy was **scarcely** hier, toe kom jou brief. Skryf asseblief **clearly**. Ons het **everywhere** vir jou gesoek. Later sal ons **thither** kan gaan. Hy gaan aanstaande maand **for good** weg. **Whither** gaan jy nou? Ek het nie verwag om jou so **soon** te sien nie. **At first** het hy hier gewoon, **now** woon hy in die Pêrel. Skuif **a little** op, dat hy ook 'n plekkie kry om te sit.

## III.

**Nowadays** klae baie mense van 'n slegte hart. Hy het die dokter **in time** laat roep. Hy loop **carefully** oor die los klippe, want 'n mens kan **easily** jou been breek. Hy het **a little while ago** sy knie seer gemaak, en kan **now** nie meer voetbalspeel nie. Toe die perd hom afgooi, moes hy **immediately** na die hospitaal geneem word. Die onderwyser hoor **good**, en vind **quickly** uit wie die geraas maak. Iemand het hom **once** in die sy geskop, en die dokter sê hy kan **never** weer aan voetbal deelneem nie. Hy het **just now** van die dak geval, en sy skedel gekraak. Sy regterhand dra hy in 'n doek;

**meanwhile** kan hy nie skryf nie. Hy het al **previously** hier geld verloor. Hy klae **always** van tandpyn. Ek het hom **by chance** raak geloop, en hom uitgenooi, want **perhaps** kry ek nie **again** die kans nie. Hy sal heel **probably** nie weer kan loop nie, **especially** as hy sy rug so **badly** beseer het. **During** die oorlog is hy **repeatedly** gewond, **nevertheless** kon hy veg tot die einde toe. Hy lê **somewhere** op die slagveld begrawe, maar sy famielie weet nie **exactly** waar nie. Hy is **presumably** gesneuwel, want ons hoor niks van hom nie. Hy het **once** 'n skoot deur die arm gekry, en al is die wond **now quite** gesond, veroorsaak dit hom **often** nog baie pyn, **especially** as dit onweer word. As iemand **nowadays** sy been of arm verloor, kan hy **again** 'n ander koop. Hy het **almost** sy gesig beskadig deur die kruit aan die brand te steek; **henceforth** sal hy versigtiger wees.

## IV.

Die kind loop so graag **barefoot**, maar hy stamp **always** sy toon, dan kom hy **crying** huis-toe. **While** hy **yesterday** vir die perde groenvoer gesny het, het die sekel sy vinger **grazingly** geraak. Dit gaan **lately** taamlik goed met sy gesondheid; hy is **much** beter dan wat hy was, **when** hulle van Oos-Afrika gekom het; sy toestand was **then critical**. As hy **diligently** leer, sal hy **probably** 'n prys kry. Haar moeder is **only** gister weg, en sy verlang **now already**. **Fortunately** het ons almal ons jasse saamgeneem, want dit het **suddenly** begin te reën. Mense wat **regularly** hul liggaan oefen, is **usually** gesond. Hy het met sy elmboog **gently** aan my gestoot, om my te waarsku, dat ek die man **not at all** moet vertrou nie. Hy het die heel jaar hard gewerk, **therefore** het hy **easily** in sy eksamen geslaag; nou gaan hy drie maande lank **completely** rus, en sal **at night** vroeg gaan slaap.

Fill in appropriate Adverbs in the blank spaces:—

### V.

Ek het — my beurs verloor. Jy het — vergeet om hom my boodskap te gee. 'n Mens kan hom — nie glo nie. Ek sou jou — wil help, maar ek kan nie. Hy was netnou —, maar toe was jy weg. Hy moet nie so — praat nie, want sy moeder is — siek. Dit is my nou —, dat hy nooit sy werk gedoen het nie. As ek my perd — kan vasmaak, stap ek met jou saam. Jy vra my —, want ek kan jou nie help nie. — moet ons ook nog môre vertrek. Hy doen sy werk — goed. Waarom besoek jy ons so —? Ons het hom — gehelp; die orige werk moet hy nou alleen doen. Waarom antwoord hy sy vader so —? Jy het ons — uit die moeilikheid gehelp; toe ons jou die nodigste het, was jy — te kry nie.

### VI.

My suster het — gesoek maar kan haar hoed — kry nie. Die skoolkinders is — bly, as dit vakansie is. Ek wag al — vir jou. My neef is — versigtig, en kom — laat, as om te vinnig te ry. Ek het die telegram — ontvang, en wis — dat dit van my broer was. Sy ouers is — in hul skik, want hulle het — verwag dat hy sy eksamen sou deurkom nie, aangesien hy so — afwesig was. — bly ons nog langer as 'n maand; dit hang — alles van omstandighede af. Hulle ouers wil — nie toelaat dat hulle alleen gaan bergklim nie, en dit sal — wees om eers te vra. Hy is — die knapste seun in die klas, en sal — 'n beurs kry aan die end van die jaar. Ek wil graag sien wie van julle die — jul werk sal klaar hê; julle werk — nou regtig fluks. In sy toespraak wil hy hom — by hierdie punte bepaal. Ons sal — moet aansoek doen, anders kry ons nie sitplekke nie, want die saal sal — vol wees. As 'n mens deur 'n slagaar sny is dit baie —, want jy bloei jou — dood. As jy 'n bietjie wag, loop ek ook — te ry.

## VII.

Iemand — slaan; hy het hom — geskrik; hy kyk nie — as sy neus lank is nie; sy haan moet — koning kraai; nuwe besems vee —; — anker gooi; — staan vir iemand wat bekwamer is; te — om voor die duiwel te dans; — saamblaf; hy dra sy broek altyd —; hy het nie 'n toespraak voorberei nie maar sal somar — praat; sy valse beskuldiging laat my —; hy steek sy neus — in; hy gaan — maar seker; dis — verniet, jy sal hom nie beweeg nie; dit was so —, of hy was verongeluk; — sy lê plek maak; hy kry dit net —, nou dat hy al die werk alleen moet doen; daardie ou man klae altoos —, al het hy genoeg om van te lewe; wie die — lag, lag die lekkerste; wie 'n hond wil slaan, kan — 'n stok vind; oos, wes, tuis —; ek hoop jy sal my dit nie — neem nie; die laaste loodjies weë die —; — lê met iemand; hy staan — by my aangeskrewe; — in die mond, maak die hart gesond.

## VIII.

— die gety verloop, versit 'n mens die bakens; 'n esel stoot hom nie — aan dieselfde steen nie; die appel val nie — van die boom nie; hy het — van sy skrik herstel; hy het — deur sy eksamen gekom; iemand die lewe — maak; haastige spoed is — goed; as jy met kinders omgaan, kom jy met kinders —; onbekend maak —; iemand — uitskud; iemand — die waarheid sê; iemand — aankyk; — iets uitpluis; waarom lyk jy so —; iemand se lewe — maak; die mierkat sit — daar in die son; ons moet — staan, as hulle ons aanval; hy gaan — aan dieselfde kwaal; sy lyf — hou; hoe later, hoe —; dit slaan my —, hoe hy deur sy eksamen gekom het.

Give the meaning of each of the expressions in Exercises VII. and VIII.

Give the English for the following Adverbs, and use each in a short sentence:—

## IX.

Daar, meer, heel, veel, ook, soms, weer, net, gou, al, hier, dog, nie, mis, baie, lank, slegs, seer, stil, teen; nog, reeds, weg, diep, ver, saam, graag, oop, swaar, dwars, klaar, wel, fluks, nou, eers, mooi, skoon, kaal, hoog, laag, klaar, skeef, hard, erg, pas, steeds, toe, mak, dwaas, sedert, bly, sterk, skerp, sag, glad, as, selfs, soos, uit, ook, snel, hier, waar, goed, kort, dus, hoe, toe.

## X.

Hoewel, verder, doodstil, daarom, agter, stadig, telkens, spoedig, nader, onder, seker, hartlik, almal, treurig, waarlik, altyd, moeilik, skielik, binne, dringend, onlangs, somtyds, vandag, waarheen, vrolik, vereers, veral, later, regop, daarin, sover, maklik, genoeg, soveel, vanself, terwyl, presies, veilig, meteens, moontlik, laaste, miskien, taamlik, blykbaar, minstens, daagliks, omtrent, langsaam, skuldig, bedwelmd, tesame, lelik, vreeslik, eensklaps, omhoog, waarlangs, menslik, sowel, solank, nêrens, langer, gretig, smaaklik, werklik, eensaam, vinnig, deeglik, egter, beter, kortweg, amper, dikwels, heerlik, byna, soseer, wanneer, daarvoor, feitlik, danig, gerus, telkens, oral, vergoed, agter, posvry, eintlik, pragtig, swaar, ewe, eenkant, daarop, noordwaarts, bokant, mark-toe, gereed, duskant, angstig.

## XI.

Duidelik, nietemin, gelukkig, deurmekaar, nadelig, tevore, tevergeefs, natuurlik, bymekaar, teenwoordig, teenswoordig, tegelyk, aantreklik, noukeurig, buitendien, tenminste, alleng, onmoontlik, gewoonlik, onnodig, baie, oormôre, eenvoudig, betreklik, volledig, eendelik, onwrikbaar, sekerlik, doodbedoord, gevolglik,

tegelyk, ywerig, vriendelik, dadelik, ongerus, vorentoe, heeltemal, voorlopig, geensins, begerig, allesins, eenvoudig, aanmekaar, enigins, tederlik, aanmerklik, vuriglik, andersins, somar, geweldig, onuitspreeklik, onderwyl, natuurlik, behoorlik, noodsaaklik, versigtig, agterna, tydelik, eindelik, maandeliks, aantreklik, oorspronklik, ontsaglik, dodelik, onmenslik, hardnekkig, sodanig, regverdig, binnekort, plotseling, geniepsig, temerig, bewusteloos, onteenseglik, onwillekeurig, nie-teenstaande, onskadelik, algemeen, gerieflik, langamerhand, onverskillig, stelselmatig, onfatsoenlik, onmiddelik, onhebbelik, triomfantlik, besluiteloos, onuitspreeklik, onafgebroke.

---

## CHAPTER VII.

---

 CONJUNCTIONS
 

---

The order of words in:—

(1) **THE SIMPLE SENTENCE.**

Re-write the following sentences, putting an **Adverb**, an **Adverbial Phrase**, or an **Adverbial Clause** at the beginning of each. (Note the change in the order of the words.)

## I.

Die perd trek die wa. Hy slaan die kind. Die messelaar bou 'n huis. Ek onthou die boodskap. Die leerling verkwis sy tyd. Ek haat leuentaal. Hy maak 'n tuin. Die kinders spaar hul geld. Ek los die tou. Sy skryf die brief. Die timmerman skaaf die planke. Hy hoor die geraas. Die jong sny die koring. Hy antwoord my vraag. Ek lui die klok. Die boer saai hawer. Die hond byt die kaffer. Sy lees die boek. Hy verf die deure. Die meid kook die water. Die dief bely sy skuld. Sy begin haar werk. Hy hys die vlag. Die dame sing 'n lied. Ons drink water. Die tuinier spuit die bome. Die jagter skiet 'n haas. Hulle sluit die hek. Hy geniet die vakansie. Die boere skeer hul skape. Hy koop vrugte. Die winkelier weë die sak koring af. Die gids wys ons die pad. Hy klim

in die boom. Sy skrik vir die perd. Die soldaat veg vir sy land. Hy swem deur die rivier. Die perd spring oor die heining. Die skip sink op die rotse. Hy bly by die huis. My suster kyk na die skildery. Sy ryg die krale in. Hy kruip in die bos weg. Sy lyk na haar moeder. Die onderwyser prys sy klas. Die dogtertjie het swaar tandpyn gehad. Die vat dryf op die water. Hy kry 'n goeie betrekking. Die boer melk self sy koeie. Die meisie vleg 'n krans.

## II.

Die dokter het die pasjent genees. Die leerling het sy boek vergeet. Hy het die brief in sy sak gesteeek. Sy het haar suster geroep. Die seun het sy vader gehelp. Hy het 'n bril gedra. Ons het water gedrink. Sy het haar hande gewas. Hy het 'n streep op die bord getrek. Die honde het 'n bok gevang. Hulle het 'n put gegrawe. Daardie man het baie geld geërf. Die kind het op 'n klip geval. Hulle het van mekaar geskei. Hy het oor die grap gelag. Die meulenaar het ons koring gemaal. Hy stoot 'n kruiwá. Die kind bly by sy ouers. Hulle laai die gerwe op die wa. Die slagter het die vleis gesout. Sy vertel dit aan haar onderwyseres. Die wind het sterk gewaai. Ons hang die sakdoeke oor 'n gespande draad. Die dame het alleen geloop. Hulle slaap te laat. Hy het onder die boom gesit. Die vrou het 'n mooi present gekies. Hulle skuif die tafel op sy. Die son het warm geskyn. Sy het ons alles vertel. Hy het in die wapad geloop. Die kanarie het weggevlie. Daardie siek vrou het te veel gepraat. Hy het alles in sy vermoë probeer. Hierdie blomme het ons in die veld gepluk. Die seuns het lank op die hoek van die straat gestaan. Die dogtertjie het mooi met haar poppe gespeel. Die werksman was baie vlytig. Hy het geluister na sy vader se vermaning. Die kinders het die bioskoop besoek. Hulle het hul vakansie in die stad deurgebring.

## III.

Die moeder sal vir haar kind wag. Hy sal al sy geld verloor. Die kandidaat sal in sy eksamen slaag. Ons sal jou op die stasie groet. Die bome sal min vrugte dra. Hy sal 'n lang reis maak. Die gevangene sal losgelaat word. Die vergadering sal die onderwerp bespreek. Hulle sal ons verwag. Sy sal die klere opvou. Hy sal die water met 'n bekertjie skep. Hulle sal gaan bergklim. Die son sal die kapok smelt. Hulle sal daaroor lekker lag. Die onderwyser sal hom baie prys. Hy sal van sy maters afskeid neem. Sy sal met die boot vertrek. Hulle sal die boeke deurlees. Hy sal die sitplekke bespreek. Die vissers sal die net in die see werp. Hulle sal die eiland duidelik kan sien. Sy lip sal nog dik opswel. Hulle sal oral daarvoor soek. Ons voetbalspan sal seker die wedstryd wen. Hy sal ons op ons foute wys. Die kaptein sal 'n spiets maak. Hulle sal van die blomme pluk. Die generaal sal sy troepe toespreek. Die skelm sal ontvlug. Sy sal die orrel bespeel. Die jong lei die perd koud. Ons sal die taal aanleer. Ons sal gereeld die feesdag herdenk. Hy sal hom oor sy gedrag skaam. Hulle sal my daaraan herinner. Ons sal hom gaan gelukwens. Hulle sal die saak ondersoek. Hy sal so 'n voorstel indien. Ons sal die werk met plesier onderneem.

---

## (2) THE SUBORDINATE CLAUSE.

## I.

Re-write the Subordinate Clause of the following sentences, using in turn each of the heavy-typed Conjunctions. (Note the order of words after each is :—Subject, Object, Predicate.)

- Ek kom want **jy roep vir my.**  
 „ „ **omdat**  
 „ „ **as**  
 „ „ **sodra**  
 „ „ **wanneer**  
 „ „ **daar**  
 „ „ **dewyl**  
 „ „ **aangesien**  
 Ek sal kom **mits**  
 „ „ „ **eerdad**  
 „ „ „ **voordat**  
 „ „ „ **nadat**  
 „ „ „ **terwyl**  
 Ek sal nie kom nie **hoewel**  
 „ „ „ „ „ **ofskoon**  
 „ „ „ „ „ **tensy**  
 „ „ „ „ „ **nieteenstaande dat**  
 „ „ „ „ „ **in geval**

## II.

Replace each of the Conjunctions, in succession, by as many others as will suit the sense and the order of the words in the Subordinate Clause.

1. Ek sal met jou saamgaan, **dog** jy moet vir my help.
2. Ek sal in dieselfde kamer werk, **maar** jy stoor my nie.
3. Hy vertrek vanaand, **en** ons het hom gegroet.
4. Die afgevaardigde sal na die konferensie gaan, **want** die vergadering het hom unaniem gekies.

## III.

1. Ek sal kom, **as** dit mooi weer is.
2. Ek het nie vertrek nie, **daar** ek reeds te laat was.
3. Ek sal by jou bly, **aangesien** jy alleen is.
4. Jan wil nie op die perd klim nie, **alhoewel** die dier mak is.
5. My broer is bly, **omdat** hy eerste in sy klas is.
6. Die water is warm, **want** die son het daarop geskyn.
7. Die dief het gevlug, **toe** die hond blaf.
8. Die jong loop rond, **terwyl** sy baas weg is.
9. Die kind het sy knie stukkend geval, **deurdad** hy ongehoorsaam was.
10. Julle moet luister, **eerdad** julle ook seer kry.

## IV.

1. Hy sal laat kom, **tensy** hy gouer loop.
2. Jy mag huis-toe gaan, **mits** jou werk klaar is.
3. Die dogtertjie lag, **dewyl** haar broertjie haar kielie.
4. Ons sal jou nie alleen laat, **solank** as jy siek is nie.
5. Die man wou slaap, **maar** die kinders het te veel geraas.
6. Die babetjie is honger, **daarom** huil hy.
7. Hy het fluit-fluit deur sy eksamen gekom, **daar** hy hard gewerk het.
8. Sy moes tuis bly, **totdat** haar vader fris was.
9. Hulle het haar bang gemaak, **waarom** sy nie weer alleen in die donker wil loop nie.
10. Die veld was so nat, **dat** hulle nie kon voetbal-speel nie.

---

Complete the following sentences:—

## I.

1. Ek sal gaan, **mits** .....
2. Jy sal sy geld erf, **as** .....
3. Ek sal my jas saamneem, **ingeval** .....
4. Ons sal nie kom nie, **tensy** .....

5. Hy is nie bly nie, **omdat** .....
6. Hulle het nie vertrek nie, **daar** .....
7. Julle moenie dit onderneem nie, **want** .....
8. Hy kon nie skool-toe kom nie, **terwyl** .....
9. Sy sal gaan, **wanneer** .....
10. Ons kan nie môre tennis speel nie, **omdat** .....

## II.

1. Ek sal loop, **as** .....
2. Moenie die deur oopmaak nie, **voordat** .....
3. Jy mag huis-toe gaan, **sodra** .....
4. Hy het my 'n boek gegee, **toe** .....
5. Bly hier, **totdat** .....
6. Hy mag nie rook nie, **solank** .....
7. Ek het hard gewerk, **nadat** .....
8. Hy wil nie veld-toe gaan nie, **dewyl** .....
9. Jy moet by ons kom kuier, **eerdad** .....
10. Ek hoop jy sal ons besoek, **so dikwels as** .....

## III.

1. Ek sal na jou plaas gaan, **ofskoon** .....
2. Hy het 'n pak gekry, **daarom** .....
3. My broer wil gaan swem, **hoewel** .....
4. Die leerling wil nie luister nie, **dus** .....
5. Hy wil gaan jag, **nieteenstaande dat** .....
6. Hulle het nie gedurende die jaar geleer nie, **gevolglik** .....
7. Ons was verbaas om jou te sien, **al** .....
8. Jy het nie vroeg gekom nie, **derhalwe** .....
9. Hy kon vir my hierdie werk gedoen het, **in plaas dat** .....
10. Ek sou my mes aan jou leen, **egter** .....

## IV.

1. Ek het al die onkoste betaal, **nogtans** .....
2. Ons sal hier vir jou wag, **maar** .....
3. Al het hy vinnig geloop, **ewewel** .....
4. Sy ouers het gehoor dat hy gewond was, **intendeel** .....

5. Hy was onskuldig, **desnietemin** .....
6. Die voetbalspelers was moeg, **nogtans** .....
7. Ons gaan nie met hom saam nie, **sover** .....
8. Die leerlinge gaan Saterdag bergklim, **en** .....
9. Hulle sal dans not neë uur, **daarna** .....
10. Ek kan te perd kom, **dog** .....

Translate the heavy-typed Conjunctions into Afrikaans:—

#### V.

1. Ek is jammer, **because** hy nie gekom het nie.
2. My suster is dood, **while** ons in Europa was.
3. Hulle twis **as often as** hulle bymekaar kom.
4. Die blomme het mooi gegroei, **after** dit gereent het.
5. Jy moet vir my skryf, **as soon as** jy tuis kom.
6. Dis aangenaam om met 'n motor te reis, **so long as** dit goed gaan.
7. Hy was weg, **when** ek daar kom.
8. Ek sal vanaand hier bly, **as** dit al laat is.
9. Die perd was kruppel, **thus** kon hy nie loop nie.
10. Ek sal jou my raket leen, **provided** dat jy dit goed oppas.

#### VI.

1. Neem hierdie sambreel saam, **in case** dit reent.
2. Ek sal tuis bly, **if** hy kom.
3. Hy sal jou die geld later gee, **unless** jy dit nou nodig het.
4. Hy is siek, **because** hy hom oorwerk het.
5. Ek maak die kar skoon, **so that** ek netnou kan ry.
6. Hy stap vinnig, **in order that** hy betyds op die stasie kan wees.
7. Die vuur is so warm, **that** ek 'n paar treë daarvan moet sit.
8. Hy was so siek, **that** hy in bed moes bly.

9. Sy pa het hom geslaan, **therefore** huil hy.
10. Hy het na die stad gekom, **in order** die voetbalwedstryd te sien.

---

## VII.

Fill in appropriate Conjunctions in the blank spaces:—

1. Die onderwyser is bly, — sy leerlinge fluks werk.
2. Ek wou hê dat jy moes saamgaan, — jy was te besig.
3. Ek is vaak, — ons het die heelnag wakker gebly.
4. Hoewel hy gehardloop het, — was hy laat vir die vergadering.
5. Hy was onskuldig, — is hy deur die magistraat gestraf.
6. Sy vriende dag dat hy gewond was, — hy was heeltomal gesond.
7. Die Prinsipaal het hom 'n pak gegee, — het hy nie gehuil nie.
8. Hy het hom verbeel dat hy eerste in sy klas sou wees, — was hy maar derde.
9. Al was haar ouers daar, — was sy nog bang.
10. Ek sal dit waag, — weet ek dat dit gevaarlik is.

## VIII.

1. Ofskoon hy 'n week lank in die hospitaal was, — is hy nou weer genoeg herstel, om huis-toe te gaan.
2. Die volk werk hard, — kan 'n mens nie verwag, dat hulle daardie pad 'n een dag kan maak nie.
3. Jy sê jy kan die som nie maak nie, — gaan jy darem probeer.
4. Hierdie is nie jou boek nie, — is dit myne.
5. Ons het hom gewaarsku teen die gevaar, — het hy sy eie kop gevolg.

6. Sy moeder het hom verbied om saans rond te loop,  
— het hy hom nie daaraan gesteur nie.
7. Hy verseker ons dat hy die waarheid praat, —  
weet almal dat dit 'n leuen is.
8. — die hond honger is, sal hy steel.
9. Die ouers sal nie gaan slaap, — hulle weet dat  
al hul kinders tuis is nie.
10. Ons was by hie huis, — die harde bui reën geval  
het.

## IX.

1. Hy het nie gekom nie, — ons hom 'n uitnodiging  
gestuur het; — hy was te besig om alles in  
orde te bring, — hy na Europa vertrek.
2. Die seuntjie het verdrink, — daar baie toe-  
skouers op die strand was; — niemand kon  
swem nie.
3. Ons sal hier 'n paar dae kan vertoef, — ons die  
nodige toestemming kry, — ons maar weer  
tuis is, as die skool begin.
4. Die meeste mense het weer plaas-toe gery, —  
môrekerk uit was, — die dominee verwag  
het, dat hulle vir die aandkerk sou bly.
5. My suster kan nog nie skool-toe kom nie, — sy  
pas uit 'n lang siekbed opgestaan het.
6. Die studente is opgeruimd, — die vakansie  
nader kom, — sommige van hulle het baie  
hard gewerk.
7. — ek nie kon slaap nie, het ek 'n boek gevat  
— gelees, — ek vaak gekry het.
8. Ons het vermoed, dat daar iemand was, — die  
hond so aanhoudend geblaf het.
9. — dit onweer is, sal ons nie die berg gaan beklim  
nie, — liewers in die saal piekniek hou.
10. Die jag is toe, — mag ons nie bokke skiet nie,  
— die wet belet nie dat 'n mens hase mag  
skiet nie; — word dit aangemoedig, —  
hulle die tuine snags verniel.

## X.

1. — ek baie werk het, sal ek met jou saam dorp-toe gaan; — jy my weer aanstaande week daarheen sal vergesel.
2. — hy dood was, het hier nog briewe vir hom gekom, — dit het sy moeder se hart baie seer gemaak.
3. — al die dokters van die dorp die pasjent geïen het, kon niemand van hulle uitvind waaraan hy ly nie; — eers nadat hy oorlede was, het hulle ontdek dat hy vergiftig was.
4. — ek jou sien, herinner jy my aan 'n vriend, wat al lank gestorwe is.
5. — ons aan die strand was, het daar 'n walvis uitgespoel, — niemand daarna gaan kyk het nie.
6. — ek nog nie sulke werk gedoen het nie, sal ek dit alleen doen, — een van julle my wil help.
7. Hy het in die diep dam gespring, — hy nie kon swem nie, — gelukkig het ons dit gesien, — hom gou gehelp.
8. Bly hier — ons terugkom, — jy wil saamgaan.
9. Ons kan altoos in my oom se huis intrek, — ons dit nodig kry, — ek nie vrees dat ons baie renerege dae sal hê nie.
10. — ek uit die kantoor kom, kan ons 'n entjie gaan wandel, — ek moet gaan inpak om met die agtuur-trein te vertrek.

## XI.

Make a single sentence from the following pairs of sentences, omitting the redundant words. The connectives are:—sowel ..... as; hoe ..... hoe; of ..... of; deels ..... deels; beide ..... en; eensdeels ..... anderdeels; nog ..... nog; nouliks ..... of.

- { Hy is genooi om die fees by te woon.  
{ Sy broer is genooi om die fees by te woon.
- { Die voorsitter het ons niks van die vergadering gesê  
nie.  
{ Die sekretaris het ons niks van die vergadering gesê  
nie.
- { Hy is siek.  
{ Hy wil ons nie laat hoor waar hy is nie.
- { Ek wil vanaand werk.  
{ Ek het lus om vanaand na die konsert te gaan.
- { Die leerlinge van die skool bestaan vir 'n gedeelte uit  
meisies.  
{ Die leerlinge van die skool bestaan vir 'n gedeelte uit  
jongetjies.
- { Hy hardloop harder.  
{ Hy bly verder agter.
- { Die seuns swem in die winter.  
{ Die seuns swem in die somer.
- { Hulle kan sy dienste nie mis nie.  
{ Hulle kan hom nie so 'n groot salaris betaal nie.
- { Ons het die voordeur toegesluit.  
{ Ons het die agterdeur toegesluit.
- { Hy verdien meer geld.  
{ Hy spaar minder geld.
- { Jan is in ons klas.  
{ Willem is in ons klas.
- { Hy sal sy werk beter moet doen.  
{ Hy sal moet plek maak vir 'n bekwamer man.

- { Die Afrikaanse bevolking bestaan vir 'n gedeelte uit Engelssprekendes.
- { Die Afrikaanse bevolking bestaan vir 'n gedeelte uit Afrikaanssprekendes.
- { Ek het sy vader nog nie ontmoet nie.
- { Ek het sy moeder nog nie ontmoet nie.
- { Die dogtertjie was in die bioskoop.
- { Die dogtertjie wou weer huis-toe gaan.

---

## XII.

Re-write the following sentences by putting in the Conjunction **dat**:—

Ek weet hy wil nie gaan nie. Ons hoor hy moet ook speel. Ek verwag hy sal môre hier wees. Hy het belowe hy sal ons help. Hy sien dit sal hom nie geluk nie. Hy dink dit kan maar gaan soos dit wil. Hy het gevra ons moet hulle besoek. Hy voel dis sy plig om iets te gee. Hy glo ons het al vertrek. Hy hoop ons sal hom nie in die steek laat nie. Hy wens hy kan saamgaan. Hy sê hy sal nie weer so ver loop nie. Ek vrees hy is verongeluk.

---

## XIII.

**As die leerling hard werk, sal hy nie druip nie.**

Re-write the above sentence after the:—

1. Past Tense, beginning thus:—As die leerling hard gewerk het .....
2. Future, beginning thus:—As die leerling hard sal werk .....
3. Future Perfect, beginning thus:—As die leerling hard sal gewerk het .....

4. Pluperfect, beginning thus:—As die leerling hard gewerk het .....
5. Pres. Subjunctive, beginning thus:—As die leerling hard sou werk .....
6. Past Subjunctive, beginning thus:—As die leerling hard sou gewerk het .....

---

#### XIV.

Correct the order of the words in the following sentences:—

Môre ek kom jou besoek. Miskien hy is nog besig in sy kantoor. Gister ek het jou sien loop. Eindelik hy het ons die boek gestuur. Soëwe hy was hier. Soggens hy gaan gewoonlik wandel. Oplaas hy het in sy eksamen geslaag. Dikwels ons hoor van hom. Saans hy leer sy lesse. Eerlank hy sal sy skuld moet betaal. Eers ek het nie van hom gehou nie. In die ou tyd, mense het nie geweet van treine nie. Smiddags hy gaan altoos 'n rukkie slaap. As hy kom, ek gaan weg. Wanneer hy my verlof gee, ek sal vertrek. Sodra hy begin te praat, die gehoor sal luister. Mits hy betyds kan hier wees, ek sal vir hom wag. Omdat hy sy plig gedoen het, hy word beloon. Aangesien jy die pad ken, jy moet voorloop. Dewyl hy siek was, hy kon sy werk nie doen nie. Deurdadig hy teen my gestoot het, ek het die skinkbord laat val. Solank die hond ons sien, hy sal nie huis-toe gaan nie. Toe hy my adres kry, hy het vir my dadelik geskryf. Ofskoon hy baie geld het, hy is suinig. Al het hy eenmaal van die perd geval, hy wil weër opklim. Terwyl julle gesels het, ek het die brief gelees. Hy het die geld vir die bedelaar gegee, wat hy in sy sak gehad het. Ek het die klerie van 'n boswerker gekoop, wat van verskillende soorte hout gemaak is. Hy het die groente vir sy vrou gebring, wat hy op sy rug gedra het. Hierdie skape behoort aan 'n parlamentslid, wat moet gedip word.

**NEGATION.**

Write the following sentences in the Negative:—

**I.**

Die horlosie loop. Hy werk hard. Ons skryf briewe. Ek sien my vriend. Hy vertrek môre. Hy kom vanaand. Die boer pluk waterlemoene. Hy praat. Hy sal kom. Die kind speel. Hy eet. Hy wil saamgaan. Dit is 'n perske. Hy is lief vir grondboontjies. Hy weet dit. Ons ken daardie man. Ek voel siek. Hulle raas te veel. Hy is dom. Hy het baie geld. Ek hou van hom. Julle wil vir my help. Hy eet 'n lemoen. Die vrugte is groen. Die appel is suur. Die boom is hoog. Hy kry koud. Hy is eerste in sy klas. Die seuntjie het 'n mes. Die meid breek baie koppies en pierings. Hy kan die som maak. Die water is skoon. Ons gaan môre bergklim. Ons kosmandjies is al gepak. Hy sit stil. Hy skrywe mooi. Die kinders lees. Die klok lui. Die perd hardloop hard. Dit reën. Klop aan die deur. Die ruit is stukkend. Hy skop 'n voetbal. Die meisie huil oor haar pop. Die son skyn. Hy mag saans rondloop. Hy wil op die stoep sit. Die kalwers is in die kraal. Die muile is ingespan. Sy sing mooi. Hy speel klavier. Hy mag rook. Hy woon in sy eie huis. Wie van julle gaan môre weg? Ek hoor iemand loop. Hy weet wat hy doen.

**II.**

Hy werk, omdat hy fluks is. Hy sal wag, totdat jy huis-toe kom. Woon hy waar ek eers gewoon het? Hy word toegelaat om alleen te gaan uitry. Het jy die vis gesien, wat ons gevang het? Hy sal iets kry. Ons het iemand vandag hier gesien. Hoor jy ooit van jou broer? Ek het jou bril êrens gesien. Elke kind sal dit kan doen. Ek wil graag die werk onderneem. Ek weet wat ek vir hom sal sê, as hy aanstaande week kom.

Almal was daar om hom te verwelkom, toe hy geland het. Hy het sy fiets skoon-gemaak, voor hy gaan ry het. Hy het sy vader na die oorlog vergesel. Hy het genoeg om van te lewe. Hy het mooi geluister, dus weet hy alles wat sy onderwyser vertel het. Hy voel hom geroepe om die publiek te waarsku. Hulle het verlot gekry om die vergadering in die skoolgebou te hou. Die plan is om daar lank te vertoef. Hy het sy speelgoed moedswillig gebreek. Hulle ontken, dat hy veel gedoen het tot bevordering van die opvoeding. Onder die omstandighede kan 'n mens op hom reken. Ek het hom te kenne gegee, dat sy besoek my ongeleë is. Toe hy die goeie uitslag van die eksamen hoor, het hy dit dadelik aan sy ouers getelegrafeer. Hy het vergeet om sy skoolwerk te doen, dus is hy gestraf. Jy kan daar seker van wees dat hy goeie gebruik van sy geleentheid sal maak.

---

## CHAPTER VIII.

## ANALYSIS

Simple Sentence = Enkelvoudige Sin.

Subject = Onderwerp.

Enlargement of Subject = Uitbreiding van die Onderwerp

Predicate = Gesegde

Extension of Predicate = Bepaling van die Gesegde

time = tyd

manner = wyse

place = plaas

degree = graad

negation = ontkenning

Complement of Predicate = Aanvulling van die Gesegde

Object = Voorwerp

Enlargement of Object = Uitbreiding van die Onderwerp.

Complex Sentence = Onderskikkend Samegestelde Sin

Principal Clause = Hoofsin

In apposition with = Bystelling met

Parenthesis = Tussensin

2nd Principal Clause = 2de Hoofsin

Co-ordinate Copulative = Newenskikkend Aaneenskaaklend

Co-ordinate Adversative = Newenskikkend Teenstellend

Co-ordinate Causal = Newenskikkend Oorsaaklik

Compound Sentence = Newenskikkend Samegestelde Sin

Sub-ord. Adv. Cl. modifying ..... = Bywoordelike Bysin bepalende .....

- Sub-ord. Adj. Cl. qualifying ..... = Byvoeglike Bysin  
 ·bepalende .....
- Sub-ord. Noun Cl. Subject of ..... = Selfstandige  
 Bysin, Onderwerp van .....
- Sub-ord. Noun Cl. Object of ..... = Selfstandige Bysin,  
 Voorwerp van .....
- Predicate Clause = Gesegdesin
- Adverbial Clause of Condition = Bywoordelike Sin van  
 Voorwaarde
- Adverbial Clause of Concession = Bywoordelike Sin van  
 Toegewing
- Adverbial Clause of Purpose = Bywoordelike Sin van  
 Doel
- Adverbial Clause of Consequence = Bywoordelike Sin  
 van Gevolg
- Adverbial Clause of Reason = Bywoordelike Sin van  
 Rede
- Adverbial Clause of Limitation = Bywoordelike Sin van  
 Beperking
- Adverbial Clause of Comparison = Bywoordelike Sin  
 van Vergelyking
- Adverbial Clause of Circumstance = Bywoordelike Sin  
 van Omstandigheid.

## CLASSIFICATION OF CONNECTIVES.

### CO-ORDINATE.

- Copulative:**—en (and), sowel ..... as (as well ..... as),  
 beide ..... en (both ..... and), ook (also), etc.
- Adversative:**—dog, maar (but), egter (however), nog-  
 tans (nevertheless), tog (still), intendeel (on  
 the contrary), etc.
- Disjunctive:**—of ..... of (either ..... or), nog ..... nog  
 ..... (neither ..... nor).
- Causative:**—gevolglik (consequently), dus (thus), want  
 (because), daarom (therefore), immers  
 (indeed), etc.

**SUBORDINATE.**

**Place:**—waarheen, tot waar, waar, vanwaar.

**Manner:**—asof (as if), as (as), so ..... soos (as ..... as).

**Time:**—terwyl (while), as (when), voordat (before),  
toe (when), wanneer (when), terwyl (while),  
nadat (after), sodra (as soon as).

**Result:**—sodat (so that).

**Reason:**—dewyl (because), aangesien (seeing that),  
daar (since), omdat, deurdad (because).

**Purpose:**—dat, om, opdat (in order to), ten einde dat  
(for the purpose of).

**Condition:**—mits (provided), ingeval (in case), as (if),  
tensy (unless).

**Degree:**—so ..... dat (so ..... that), as (as).

**Concession:**—al (even though), alhoewel, ofskoon  
(although), nieteenstaande dat (notwith-  
standing that).

Give the General Analysis (names of clauses, etc.)  
of the following sentences:—

## I.

Hy sê, dat hy môre sal kom. Die man wat dood  
is, het hier gewoon. Wag hier, terwyl ek na die stad  
gaan. Hy sal nooit ryk word nie, al verdien hy baie  
geld. Ek kan net so vinnig loop soos jy. As ek hom  
nie sien nie, sal ek die briefie op sy tafel sit. Dit is  
seker, dat hy weer vanaand sal terugkom. Hy sal rus,  
as hy moeg word. Jy moenie loop, waar die grond nat  
is nie. Ek het so gou geloop, as ek kon. Hy speel  
met sy kinders, hoewel hy siek is. Ons hardloop,  
sodat ons betyds op die stasie kan wees. Ek het vertel,  
dat dit sy verjaardag was. Hy is 'n man wat nie baie  
praat nie. Hy sal kom, wanneer hy klaar is.

## II.

Dit is die plek, waar ons altyd swem. Dit was so donker, dat hy sy hand nie voor sy oë kon sien nie. Hy hardloop net so vinnig soos 'n perd. Ek sal gaan, al reent dit ook. Ek sal saamspeel, as jy vir my 'n raket leen. Hy wou nie luister nie, en nou is hy siek. Hy werk meer dan hy speel. Hy sal kom, as hy geroep word. Hy werk opdat hy sy brood kan verdien. Hy het die boek terug gebring, wat hy gister geleen het. Hy het so lank versuim, dat die kar sonder hom weg is. Hy wens, dat hy ook 'n uitnodiging kry. Dit is hierdie huis, wat verkoop word. As ek tuis kom, sal ek vir jou die geld stuur.

## III.

Hy werk hard, sodat hy sy werk gou kan klaar hê. Ek sal jou betaal, as jy hierdie werk vir my doen. Hy was vandag in die skool, ofskoon hy siek is. Hy was so siek, dat ons nie verwag het hy sou lank lewe nie. Hy volg my oral waar ek gaan. Die man is seker kwaad, daarom slaat hy die perd so. Hy staan waar die grond droog is. As hy my daarna vra, sal ek hom sê. Die man wat jou plaas gekoop het, is nou bankrot. Wanneer ek ses maande verlof kry, sal ek gaan rondreis. Ek sal in die dorp gaan woon, as ek 'n huis kan kry. Die kind loop, asof sy voet seer is. Ek sal soek, totdat ek die geld kry. Hoewel hy oud is, speel hy nog voetbal. Die man wat daar staan, is my oom.

## IV.

Jy kan hier slaap, mits jou moeder haar toestemming gee. Hy het die heelnag gewerk, gevolglik is hy vaak. Ons kan loop, waar ons wil. Hy het die huis-toe gekom, omdat dit vakansie was. Hy het dit beter gedoen, as ons verwag het. Hy het sy werk gou klaar, dog hy sal dit weer moet oordoen. Die rivier was so sterk, dat niemand kon deurry nie. Ek sal met

jou gesels, sodra ek tyd kry. Dit is die plek, waar hy begrawe word. As hy so onverskillig is met die geweer, sal jy hom moet waarsku.

## V.

Ek sal jou kom groet, voor ek vertrek. Wie nie wil werk nie, mag ook nie eet nie. Hy is my vader, derhalwe kan ek hom nie verlaat nie. Die man het sy werk klaar, dus is hy nou vry. Dit is die huis, waar ons tien jaar lank gewoon het. Hy het so hard geval, dat hy dieselfde aand oorlede is. Dit is die kind, wat ek geroep het. Hy lees sy koerant, terwyl ons die werk bespreek. Die soldate het so dapper geveg, dat die vyand moes vlug. Ek leer altoos my lesse, voor ek gaan speel. Ek het gekom, want ek wis dat jy my nodig het. Is dit die vriend, van wie jy gepraat het? Dit lyk asof hy 'n plan het om saam te gaan. Deurdadig jy aan my hand gestoot het, het ek die koffie in die piering gestort.

## VI.

Beide sy broer en suster was in die spoorwegongeluk. Hy is nie alleen skrande nie, maar ook vlytig. Nog my vader nog my moeder sal teenwoordig wees. Ek het vergeet om hom te besoek, en hy het my dit kwalik geneem. Ons doen eers ons werk, daarna gaan ons speel. Hy het byna verongeluk, nogtans klim hy weer op die perd. Dit lyk of die hond verstaan wat ons praat. Elke vyf of ses treë gaan hy staan om weer te kyk, waar sy maters is. Die jagters kry nou die leeu se spoor, en kom vinnig deur die bos. In die trotse figuur wat hom daar verhef, skyn geen vrees nie. Die moeder het haar kind lief daarom straf sy hom, as hy kwaad doen.

## VII.

Wag, totdat ons uit die skool kom. Loop sê vir jou oubaas, ek sal daar met die Nuwejaar wees. Hy doen die werk soos ek hom gewys het. Ons gaan plaas-

toe, so dikwels as ons kan. Toe oom Jan dit hoor, spring hy dadelik van sy stoel of. Die boom lê, waar dit geval het. Nieteenstaande dat hy my vriend is, kan ek hom nie help nie. Hy was so siek, dat hy na die hospitaal moes gaan. Die man werk hard, opdat hy sy skuld kan betaal. Dit het so baie gereen, dat die rivier vol was. Willem staan nie so hoog in sy klas as sy broer nie, nogtans is hy die slimste. Die kind het my gewys, waar die dam gebreek het. Hy het ons nie vertel, waarom hy laat was nie. Ek hou baie van jou, tog moet ek jou teleurstel.

### VIII.

Ons sal nie wen nie, tensy hy saamspeel. Hy het net so lank gerus soos hy wou. Ons slaap eers, daarna kan ons die stad gaan besien. Nie alleen was hy arm nie, maar hy was ook lui. Hy het te veel gesels, dus kon hy nie sy werk betyds klaar hê nie. Ek sal gaan tennis speel, mits dit nie reent nie. Toe dit donker word was hy so bang, dat hy nie verder wou loop nie. Ek sal hier bly, ingeval jy my nodig het. Al is die leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel. Hy is seker siek, anders weet ek nie waarom hy afwesig is nie.

### IX.

Ek gaan altoos swem, as dit 'n warm dag is. Ek bly hier, ten einde dat ek die spel kan sien. Die perd is sterker as dis os. Ingeval ek genoeg tyd het, sal ek dit vir jou doen. Hy het so hard gehardloop, dat hy uitasem was. Al wil hy nie gaan nie, hy sal moet. Ek bewerk my eie tuin, omdat ek lus daartoe het. Dit het so baie gereen, nog is die grond droog. Al is hy arm, nogtans is hy eerlik. Nadat ek daar aangekom het, is hy oorlede. Hy het so veel bloed verloor toe hy gewond is, dat hy kort daarna dood is. Hy sal môre hier wees, tensy iets gebeur wat hom verhinder.

## X.

Waar jou vriend woon is my onbekend, nogtans kan ons soek, totdat ons die huis kry. Hy skrywe so mooi, dat die meester hom al die kenniegewings in verband met skoolsake, laat uitskryf. Dat sy liggaam egter terdeë gekneus was, het die wankelende manier waarop hy na sy sitplaas teruggestap het, genoeg bewys. 'n Halfuur later was hy terug by die stasie, om te verneem hoe laat die eersvolgende trein na die stad sou vertrek. In die begin was sy maatreëls dan ook menslik, sover 'n barbaarse tiran daarvan beseft kan hê. Die wêreld-oorlog het egter ook getoon, dat selfs die oorwinnaars feitlik die neerlaag ly, as hul oorwinning met 'n geweldige ekonomiese kragverlies moet gepaard gaan.

## XI.

1. Voedsel is van die grootste belang vir 'n mens; want as dit nie goed is nie, dan kan dit jou baie benadeel.
2. Na hulle so 'n paar sarsies gevuur het, word dit tyd om die bokke wat geskiet is, bymekaar te maak, en die terugreis te aanvaar.
3. Toe die uil vir Tinktinkie uitlê wat hy daar moes doen, sou 'n mens, as jy deur Tinktinkie se vere kou sien, bemerk het hoe bleek hy word.
4. Die verbeelding speel 'n belangrike rol in die lewe van iedereen, en dit omvat nie alleen die vermoë om saam met elwe en feë, kaboutermannetjies en sprekende diere te lêwe nie, maar ook die skeppingskrag van die kunstenaar.
5. Sprokies is die oudste en miskien die populêrste vorm van verhaal wat bestaan; en dit is vandag nie alleen kinders nie, maar ook 'n menigte grootmense wat aan dié soort van vertelling geheg is.

6. Tot sover het hulle nog niks van die Soeloes gewaar nie; en die algemene opienie was, dat hulle die volgende môre Dingaan se stad fluit-fluit sou inneem, en aan brand steek.
7. 'n Trek van diepe teleurstelling gaan oor die gesig van Dirkie Uys; maar voor hy iets kan sê, roep een van die kêrels, wat met 'n verkyker staan kyk het: „Daar kom die brandwag oor die bult!”
8. Die strate was saans vroeg donker; dog omdat die vyand rîe naby was nie, het die dorpsmense tog nog hul besoeke afgelê, al moes hulle dan in die donker op die stoepe sit en gesels.
9. My ouers was gerus, want hulle wis dat ek en my broer goeie maats was, nieteenstaande ons tog dikwels rusie gemaak het; saans egter het hulle nooit gaan slaap, voordat ons kinders ver in droomland was nie.
10. Geniet jul jong dae met hul verskeidenheid van speletjies; maar onthou dit: Laat jul spele, woorde, doen en late, van dié aard wees dat dit op ryper leeftyd vir julle 'n plesier mag wees om daaraan terug te dink.
11. Blesbokke en Springbokke wat onsigbaar op die grasvelde gerus het, verskyn skielik, as uit die bodem getower, oral; en donker troppe wildebeeste, wat eers die aanskyn van strepe en plate bossies gehad het, begin in die verte hul massas in lang rye oor die veld uit te spreï.
12. In 'n pioniersgemeenskap, waar die huisgesinne baiekeer ure, selfs dae ver uitmekaar woon, kon daar geen algemene onderlinge ruilverkeer bestaan nie, veral as ons nog bedink hoe sleg die verkeersmiddele was.

## XII.

1. 'n Oostenryk wat die Slawe onderdruk, het sy reg van bestaan verloor; voor Oostenryk was, het Boheme bestaan; na Oostenryk sal Boheme wees.
2. Die behaagsug van hoër orde soek bevrediging, nie in die sirkusse en bioskope van kindragtige tydverdryf nie, ook nie in tyd- en persoonstrelende ontboeseminge of skilderinge nie, dog in die ewige dieptes en alomvattende waarhede, wat ook die eintlike doelwit is van godsdiens en wetenskap.
3. Die kunstenaar gebruik ook die sirkus van die wêreld, dog met hierdie onderskeid, dat hy in die beelde, handelinge, mense van die wêreld se sirkus, nie net die spulletjies en tydverdryf sien of weergee of uitbeel nie, dog die verhouding daarvan tot daardie ewige en alomvattende dinge; en dit doen hy nie deur ons dit te sê nie, dog deur ons dit te laat voel.
4. Onderwyl die renostertjie na die uitspattinge van die seekoetjie in die water staan te kyk en wonder wat 'n mens moet aanvang met so 'n maat, wat net gedurig in die water wil wees, kry hy skielik 'n plan.
5. En ofskoon dit nie met sekerheid vas te stel is hoeveel die rederykerskamer „Aurora” bygedra het om die dag van die uiteindelige seë in ons taalstryd te verhaas nie, moet dit tog erken word dat die kamer op sy eie manier wel deeglik meegehelp het om die vuurtjie van taalliefde in Kaapstad brandende te hou, totdat die Taalbond sou opstaan om dit verder aan te wakker, en die stryd vir Hollands in erns aan te bind.
6. Die spanning en opgewondenheid neem toe; want hoe langer die vuur in die vestinkie brand, hoe dikker en indrukwekkender die gedaante daar-

- van word, en nog meer rook styg aan die kaffersy van die grens die hemelruim in.
7. As 'n kunstenaar hom te swak voel om sy ideale uit niks tot iets wesentliks te laat kom, dan moet hy sy toevlug tot die materiale neem, waarmee hy sy doel kan bereik.
  8. Die gemis aan diepte van gees, die leegte in die eie sielelewe, wat hom openbaar in 'n gejaagde soek na oppervlakkige genot en 'n angsvallige strewe na uiterlike volmaaktheid, waarin die volmaaktheid nou ook al mag bestaan, het ook hier sy verskyning gemaak en sy invloed laat gelde.

## XIII.

1. Die slag van Bloedrivier is inderdaad een van die belangrikste veldslae, nie net in die geskiedenis van ons eie land nie, maar in die geskiedenis van die hele wereld; en dit is dan ook geen wonder dat dit deur meer as een beskou word as gelykstaande met die beslissende slag van Tours, waar Karel Martel die verwoestende mag van die Sarasene in die jaar 732 gestuit het, en sodoende belet het, dat die hele Europa onder die juk van die Mohammedanisme gebring word.
2. By Bloedrivier is ewesó beslis tussen barbaarsheid en beskawing, tussen tirannie en vryheid, tussen valsheid en opregtheid; en Bloedrivier lewer ook die onteenseglike bewys dat oormag nie altyd oor reg en geregtigheid triumfeer nie.
3. Vir elkeen dus wat dit ernstig meen met die beskawing en vryheid van Suid-Afrika, vir wie opregtheid as 'n deug gelde en wat glo in reg geregtigheid, moet die daade van die Voortrekkers, en veral die slag van Bloedrivier, met bewondering en dankbaarheid vervul.

4. Maar Dingaansdag is nie alleen 'n publieke feesdag vir alle dele van die Suid-Afrikaanse bevolking nie, dit is ook tegelykertyd 'n nasionale feesdag vir die Hollandse Afrikaner wat trots is op sy Hollands-Afrikaanse tradiesies, en wat voel dat die Voortrekkers nieteenstaande al hul werk vir die hele Suid-Afrikaanse beskawing, en vir die hele mensdom, tog inderdaad mense van sy eie vlees en bloed was.
5. Nee, as ons so 'n roman opneem, dan merk ons alras dat daar van die skrywer se kant geen poging gedaan word om ons te interesseer vir die mens nie, maar vir handeling, avonture, konwersasies ens; kortom, stories, nie van mense nie, maar van gemaakte houtpoppe, waarvan die outeur die draadjies trek, oor wie se vaste karakters hy hom maar min bekommer, as hulle maar dans soos hy wil, om tydverdryf te besorg aan 'n oppervlakkige menigte, wat tydverdryf soek en daarvoor betaal — dis 'n volkome eerlike transaksie.
6. In die roman „Bang vir die lewe” vind ons wat ons sou kan noem 'n voorstelling van alle-daagse mense in gewone tye; daar is geen intriege nie, daar is net karakteruitbeelding, en nie meer handelings of konwersasies as wat daarvoor nodig is nie; ook die natuurbeskrawing is net voldoende en toepaslik, sonder die mooidoenerige oordad en afdwaling, wat sommige skrywers somtyds daarin te pas bring, of liever te onpas, want hulle bederwe daardeur die verband van hul verhaal.
7. Dog aangesien die sangvorm of poësievorm ontstaan en aangewese is juis deur 'n drang na geskikte uiting van wat die innigste en diepste is, bereik digterlikheid die skoonste en hoogste as dit digkuns is wat vorm betref; as maatgang, ritme en miskien rym, van digkuns in

ag geneem word, as die vorm so aangewend word dat dit met die onderwerp 'n skone eenheid vorm, wat noodwendig lyk, wat ons vir ons nie doeltreffender sou kan voorstel in enige ander vorm nie.

8. Nou weet ons dat in ons dae ook nog die Afrikaanse leser, wat in letterkundige werk van die buiteland nie ingewy is nie, 'n boek wil hê, en alleen 'n boek verstaan, wat padlangs praat oor godsdiens, en, veral ook oor geskiedenis — 'n boek wat die leser in duidelike woorde prakties bekend maak met wat hy wil weet, en nog nie weet nie.
-

## CHAPTER IX.

## WORD-FORMATION

Write the Compound Noun in its correct form:—

## I.

Die (kryg + man) is gewond. Die (ploeg + skaar) het gebreek. Ons woon naby die (pos + kantoor). Die (orrel + draaier) loop van straat tot straat. Hy skryf op die muur met (hout + kool). Die (jong + span) speel agtermiddag voetbal. Hy ken die (land + taal). My ouers woon op 'n (boer + plaas). Die (brief + draer) klop aan die voordeur. Hy het swaar (tand + pyn). Gedurende die oproer, was dit (kryg + wet). Die (kryg + gevangene) is uit sy vaderland verban. Die (wet + agent) het ons te veel laat betaal. Ons het die (kaffer + kraal) besoek. Die (kalf + hok) se hek is oop. Hy stel belang in die (kultuur + lewe) van sy volk. Die (veld + kornet) het die lyk gesien. Hulle gaan môre na 'n (bruilof + party). Die (doring + draad) is aan 'n paal vas. Die Boere het 'n (Kaffer + spioen) gevang. Hy lê op die (oorlog + veld) begrawe. Daar is 'n kat in die (duif + hok). Sy vader sit op die (voorhuis + stoep). Hy het sy (sak + doek) vergeet. Die kinders het die (fees + dag) by hul ouers deurgebring. Die kar het oor die (klip + brug) gery. Die (werk + man) verdien baie geld. Die bokke loop op die (kraal + muur). Hy het in al die (kaffer + oorloë) geveg. Ons skiet na 'n (mier + hoop). Die (kind + meid) pas die kinders goed op. Daar is 'n (perd + ruiters) voor die deur. Die (lam + vanger) het met 'n lammetjie wegge-

vlie. Sy (hemp + mou) is opgerol. Die generaal het 'n (rapport + ryer) uitgestuur. Hy het (bloed + vergifting) in sy hand. In die (plant + wereld) het elke ding 'n wetenskaplike naam. Sy kyk deur die (venster + raam).

## II.

Hy is in 'n (hoes + vlaag) oorlede. Ek hoor 'n (perd + kommando) aankom. Die katjie lê onder die (roos + boom). Hy is 'n (land + verraaiër). My broer het 'n (yster + vark) in die (slag + yster) gevang. Hoe heerlik ruik die (lemoen + bloeïesels). Hy versamel die (patroon + doppe). Hy ly aan 'n (koeël + wond). Daar lê 'n (eier + dop) in die (hoender + nes). Die soldaat sit sy kos in sy (saal + sak). Sy het haar (werk + goed) saam gebring. Hy is gekies as (raad + lid). Die meid stoot die (kind + waentjie). Daar was 'n (vrou + laer) buitekant die stad. In sommige dele van Rusland is daar (honger + nood). Die studente het die (Boer + generaals) hartlik ontvang. Daardie (Boer + seun) was ook op kommando. Die (tennis + spelers) is uitgenooi na 'n (dans + party). Londen is 'n (wereld + stad). Die kamer is donker van die (tabak + rook). Daar was geen (kryg + tug) in die leër nie. Sy (lewe + kragte) neem snel af. 'n Mens kan die (perd + hoewe) duidelik op die harde pad hoor. Sy (lewe + lus) is totaal verdwyn. Hy het deelgeneem aan die (veld + tog). Die dogtertjie kyk in die (prent + boek): Sy (werk + klere) is baie vuil. Ons het die (kryg + geroep) gehoor. Die winkelier handel met 'n (lappie + smous). Die (kussing + sloop) lê op die bed. In my kamer het ek ons (geslag + lys). Dié man het 'n interessante (lewe + loop). Die (lewe + skets) van die staatsman is 'n boekvorm uitgegee. Hy behoort aan die (jongling + vereniging). Die (vrug + boom) is vol blomme.

## III.

Ons kerk glo nie in (beeld + diens) nie. My vader sit in 'n (leuning + stoel). Hulle het die (dorp

+ saal) gehuur. Daar is 'n konsert in die (stad + huis). Die (mark + plein) is deur die vyand in besit geneem. Daar is baie speldjies op die (speld + kus-sing). Op die (preek + stoel) lê 'n groot (Staat + Bybel). Hy was vroeër 'n (skip + kaptein). Hy is 'n beroemde (staat + man).. Die (wa + huis) is oop. Die (predikant + vrou) besoek die gemeente. Wie was saam met jou na die (dier + tuin)? Die (bruid + koek) is deur die bruid gesny. Hy was in (dood + angs), dat die vyand hom sou kry. Die kind loop langs die (water + voor). Die sterretjies is die ligte van die eindelose (Planeet + wêreld). Hy ry op 'n (bles + perd). Dit was 'n pikdonker (onweer + nag). Die beeld stel 'n (vrou + figuur) voor. Die (Unie + geboue) staan op 'n heuwel. Die (Uniwersiteit + raad) het die aanstelling kritiseer. Hy behoort aan ons (debat + vereniging). Sy toespraak het die (volk + gevoel) gekwes. Daardie kunste spreek tot die (skoonheid + gevoel). Hy het 'n prent van 'n (Voor-trekker + wa). Die Goewerneur-Generaal het die (hoek + steen) gelê. Die (kind + beskerming + wet) is 'n groot seën vir die land. Hy is onderwyser in een van die (Uniwersiteit + kolleges). Daardie skrywer het 'n groot (leser + kring). Baie (Engels + spre-kendes) leer nou Afrikaans. Hy het 'n deeglike (skool + opvoeding) geniet. Hy is bekend met die (vee + boerdery). In die (jongens + skool) hang pragtige (land + kaarte). Die spelers het die (toneel + stuk) goed opgevoer.

---

Form as many Nouns as you can from each of the following Verbs:—

### I.

Gee, dink, buig, breek, dien, wreek, byt, gryp, sluit, bied, doen, slaan, beveel, bid, skiet, lieg, spreek, vind, staan, spring, help giet, geniet, gaan, weef, wyt, win, sien, sing, sit, graaf, dra, vlieg, drink, bely, bly, meet, skryf, vergewe, verpleeg, verraai, vang, skyn, motiveer.

---

## II.

Form an Adjective from each of the following Nouns:—

Lewe, sorg, vyand, hulp, gees, meester, rus, werk, stad, vrug, werk, kind, eer, reus, dank, evangelie, pyn, koning, teorie, praktyk, held, moed, deel, logika, Afrika, moeite, kryg, wonder, pous, haar, land, vrees, tyd, koors, ouers, hertog, reën, republiek, demokraat, despoot, epikuur, industrie, individu, intellek, klas, konstitusie, monument, notaris, nuus, periöde, prinsiep, prosa, poësie, sekte, stelsel, tering, pessimis, drama, roman, eeu, telefoon, reaksie, kolossus, doel, baat, stryd, vrede, geweld, patriot, telegraaf.

## III.

By means of prefixes or otherwise, form a Verb from each of the following Nouns:—

Hand, meester, steun, man, antwoord, brand, volk, hoof, vel, moed, vlam, taal, luik, vonk, huis, nag, winter, erf, aard, nadeel, las, baster, deel, eer, haar, Afrikaans, huur, krummel, lig, oordeel, plant, brug.

## IV.

Form an Adjective from each of the following words:—

Vergaan, liefde, bevörder, ken, simpatie, graaf, adel, esel, speel, apostel, fragment, vergewe, red, buig, Perzië, dink, sin, Kristen, hoop, monster, skade, mens, bereik, grond, vaar, vorder, verag, hout, draag, kies, werk, nader, verwonder, vernietig, verderf, genade, besluit, natuur, nasie, musiek, misterie, majesteit, magneet, litteratuur, kritiseer, kramp, kou jaloesie, geheim, estetika, etimologie, wet, verkry, verkwik, toegee, tiran, spesifiseer, son, skelm, Rus, senuwee, filosoof, outokraat, onheil, naam, monarg, wens, humor, herberg, heuwel, godsdiens, suggestie, siel, siek, par-

lement, paradoks, meet, onkunde, misdaad, maatskappy, lewe, kronologie, Israeliet, erken, smaak, gewes, ritme, patos, sekulariseer, sekuriteit, teuel, polemiëk, instink, tragedie, tegniek, rewolusie, fisika, liriek, verbly, verbied, smag, sintaksis, wolk, weerga, simbool, skei, opwen, mitologie, besluit, bespot, tiepe, sinode, oordra, krag, water, skree, kuns, dood, atmosfeer, roos, ministerie, toegee, waarde, vog, swerf, plastiek, voorspoed; versag, teologie, populariteit, praat, put, lol, interesseer, intuïsie, wêreld, Java, ironie, metode, mis, spaar, skrik, negeer, herwin, harmonie.

---

### V.

1. Make a list of words containing the following prefixes and suffixes, and give the meaning of each.
2. Collect as many words as possible containing the same prefix, but having a different meaning.
3. Classify the suffixes used in forming (a) Nouns, (b) Adjectives, (c) Adverbs, (d) Verbs, and give examples.

### PREFIXES.

Aarts, ge, on, wan, be, er, ant, her, oor, ver, ont, af.

### SUFFIXES.

Ery, ier, is, in, aar, er, el, heid, ling, skap, te, sel, aard, ing, erd, loos, ig, agtig, waarts, gewyse, saam, lik, halwe, baar, loos, ies, waarts, ie, es, jie, ster, pie, iese, tjie, e, etjie, kie.

---

Make sentences to show the meaning of each of following words:—

### I.

Leêr, leer, leër; inwoners, bewoners; geskil, verskil; lewend, lewendig; draagbaar, draaglik; vyandig,

vyandelik; wettig, wetlik, wetloos; onrustig, rusteloos, ongerus; hoogheid, hoogte; leerbaar, leersaam; geestig, geestelik; gehoor, verhoor; duisterheid, duisternis; aanmerk, opmerk; verkiesbaar, verkieslik; mensdom, mensheid; darem, daarom; verhard, gehard; adellik, edel; komies, komiek; Kristendom, Kristenheid; spraaksaam, welsprekend; denkbaar, denklik; onbeskaaf, onbeskof; oneindig, eindeloos, beweegbaar, beweeglik; kinds, kinderlik, kinderagtig; verslag, ontslag; gebruik, verbruik; onuitspreekbaar, onuitspreeklik; buigbaar, buigzaam; frank, vrank; stoffig, stoffik; voedend, voedsaam; openbaar, openlik; kosbaar, kostelik; leerbaar, leersaam; daaglik, alledaags; liefderyk, lieflik; meesterlik, meesteragtig; eerbaar, eerlik, eersaam; housterig, houtagtig; tydsaam, betyds, tydelik; versoeking, besoeking; onmeetbaar, onmeetlik; vergadering, versameling; sinlik, sindelik; sinneloos, sinloos.

## II.

Gevangenis, gevangenskap; end, ent; eiendom, eienskap; sekretarisse, sekretaresse; onverdraagsaam, onverdraagbaar; hoogheid, hoogte; voorskot, voorskoot; laagheid, laagte; eidelik, eintlik; gedagtenis, aandenking; rekening, rekenskap; grootheid, grootte; bewusteloos, onbewus; wonderbaar, wonderlik; afsonderlike, afgesonderde; gemiddeld, bemiddeld; gelykenis, vergelyking; onverwags, onverwag; grondeloos, ongegrond; versigtig, sorgvuldig; sorgsaam, sorgloos, onbesorg; lydelik, lydsaam, lydend; naamloos, name-loos; agterlaat, nalaat; peilloos, onpeilbaar; versoek, besoek; wrok, wrak, wraak; vars, fris; kunstig, kunsmatig; merkwaardig, opmerkzaam, opmerklik; heimlik, geheimsinnig; onheilig, onheilspellend; berug, beroemd; beroep, roeping; doods, dodelik; deursigtig, deurskynend; jeugdig, jonk; verlaag, verneder; aanhanklik, afhanklik; vertrouwd, vertroubaar; amptenaar, beampte; onbestemd, ontstemd; beskeie, verskeie; selde, seldsaam; koud, koel; getroos, vertroos; eiendom,

eienskap, klassiek, kassikaal; gelofte, belofte; vergewe, vergiftig; afdank, bedank; bestaan, bystaan, verstaan, ontstaan, toestaan; verbied, ontbied; verdink, (hom) bedink; verruil, omruil; onthou, behou, verspreek, bespreek; stilhou, ophou, aanhou; voorsien; ontsien, toesien; besien, hersien; ontslaan, verslaan; ontleen, verleen; ontslaap, verslaap; ontkleed, bekleed, verkleed; onthaal, verhaal, herhaal, behaal; erken, beken, ontken, verken, herken; gedenk, verdenk, herdenk, bedenk; ontstel, herstel, verstel; ontvang, vervang; besorg, versorg; verslaap, ontslape; verbind, ontbind; belê, verlê; verlei, begelei; verag, minag; bewonder, verwonder; navolg, opvolg, vervolg, agtervolg.

---

### III.

Use a Verb beginning with **be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-** in each of the following sentences. Example:—**Sy bespeel** die klavier.

Sy speel op die klavier. Die gevangene vlug van die poliesie. Hy het my dadelik weer geken, toe hy my sien. Die onderwyser het 'n grondige studie van die oosterse tale gemaak. Die landmeter het die bakens op ander plekke gesit. Ons kyk na die pragtige blom. Die kerktooring word weer opgebou, sodra die gemeente geld het. Hy moet op al my vrae antwoord. My moeder hang prente aan die muur. As mense nou hoor van griep, maak dit hulle angstig. Hy het die deur vir ons oopgesluit. Baie vrugte word jaarliks na Europa per skip gestuur. Hy het al die portrette tot niet gemaak. Die leerling het sy spryfboek vol ink gesmeer. Die slang het 'n ander vel gekry. Die diewe het al sy geld van hom gesteel. Op 16 Des. dink ons altyd aan die heldedade van die Voor-trekkers.

## CHAPTER X.

---

 SUBJECTS FOR  
 ESSAYS AND LETTERS
 

---

**SUITABLE SUBJECTS FOR ESSAYS.****A.**

1. Vrugtebome.
2. Die lewe op 'n plaas.
3. Volstruise.
4. Op reis met die ossewa.
5. Riviere.
6. Op jag.
7. My planne vir die aanstaande vakansie.
8. Boeke.
9. Perde.
10. 'n Voetbalwedstryd.
11. 'n Skipbreuk.
12. 'n Dag op Tafelberg.
13. Die wilde diere van Suid-Afrika.
14. 'n Besoek aan die Kasteel.
15. My stokperdjie.
16. Die biografie van 'n sieling soos hy dit self spon vertel.
17. 'n Vakansie in die Karo.
18. 'n Donderbui.
19. 'n Suid-Afrikaanse Winter.
20. 'n Fees deur u bygewoon.

21. 'n Springbokjag.
22. 'n Seereis.
23. Werkstakinge.
24. Eendrag maak mag.
25. Tweetaligheid.
26. Die Afrikaanse digter, wat my die meeste beval.
27. 'n Huis aan brand.
28. Spoorweë.
29. Die voor- en nadele van sport.
30. 'n Dag op skool.
31. Die Verdedigingsmag van S.A.
32. Ons Parlement.
33. Koerante.
34. Vriende.
35. My held in die geskiedenis.
36. Huisdiere.
37. Bygelowigheid.
38. 'n Dag aan die strand.
39. Wat ek wil word.
40. Eerlikheid.
41. My eerste ondervindinge op die kosskool.
42. Vaderlandsliefde.
43. Gewoontes.
44. Op die plaas gedurende die oestyd.
45. 'n Piekniek.
46. Berge.
47. Op reis met my fiets.
48. 'n Toertjie op 'n vliegmasien.
49. Die Industrieë van S.A.
50. 'n Karakterskets van my beste vriend.
51. Veldblomme.
52. Sprinkane.
53. 'n Wandeling na Kaappunt.
54. Fabels.
55. Ons Voorouers.
56. Die Groot Trek van 1838.
57. Bye.
58. 'n Bosbrand.
59. 'n Reis per lugskip oor Afrika.

60. Vervoermiddels — valselewe en teenswoordig.
61. Visse.
62. 'n Swaar droogte.
63. Dingaansdag.
64. 'n Begrafnis.
65. Die lewe van 'n matroos.
66. Totale afskaffing van drank in S.A.
67. 'n Besoek aan die museum.
68. Ons huis.
69. Die invloed van die omgewing op 'n mens se karakter.
70. Musiek.
71. Die invloed van die drukpers.
72. Kennis is mag.
73. 'n Moderne seegeveg.
74. 'n Reis deur die Karo.
75. Drome.
76. 'n Wandeling na skool.
77. My geliefkoosde tydverdryf.
78. Oorloë.
79. 'n Ongeluk wat ek bygewoon het.
80. Grotte.
81. Die lewe in 'n stad.
82. Helledade.
83. Immigrasie.
84. Die kenmerke van 'n goeie roman.
85. Honde.
86. Is die voortbestaan van die blanke rasse in S.A. verseker?
87. Segregasie as oplossing vir die Naturelle-kwessie.
88. Van uitstel kom afstel.
89. Wat ek tuis doen op 'n reënagtige dag.
90. 'n Someraand.
91. Verdwaal in die woestyn.
92. Die lewe op 'n eiland.
93. My skooldae.
94. 'n Sneestorm.
95. My verjaarsdag.
96. 'n Saterdagoggend op die parade.

97. Die lewe van 'n wynboer.
98. Die lewensgeskiedenis van Napoleon.
99. 'n Toer om die wêreld per lugskip.
100. 'n Stoomboot.

### B.

1. Die laaste reis van Sir Ernest Shackleton.
2. Die botaniese tuine in ons stad.
3. Lugvaart.
4. 'n Toertjie om die Kaapse Skiereiland per motor.
5. Die lewe van 'n koning.
6. Nagmaal op ons dorp.
7. Al is die leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel.
8. Miere.
9. 'n Besoek aan die oorlogsvelde.
10. Die publieke geboue in ons dorp.
11. Towenaars.
12. 'n Lugaanval op 'n stad.
13. My ondervindinge in 'n duikboot.
14. Liggaamlike oefening.
15. Die Volkebond.
16. 'n Besoek aan 'n oorlogskip.
17. 'n Awontuur.
18. Gimnastiek.
19. Digkuns.
20. Ooste weste, tuis is beste.
21. Draadlose telegrafie.
22. Beeldhoukuns.
23. Op die mark.
24. Ons stadshuis.
25. In 'n bootjie op Tafelbaai.
26. Die Apteek.
27. Beleefdheid.
28. Die Transvaalse goudvelde.
29. 'n Hospitaal.
30. Die Poskantoor.
31. 'n Ekspediesie na die Suidpool.
32. 'n Beskrywing van my geboorteplek.

33. 'n Bergklim.
34. Die lente.
35. Manlikheid.
36. 'n Weeshuis.
37. Die Skouburg.
38. Fabrieke.
39. Die handel.
40. Ons huis.
41. Ons feesdae.
42. Skeepvaart.
43. Die Skoonheid van die natuur in S.A.
44. Die Jaargetye.
45. 'n Sonsondergang.
46. Ons muntstukke.
47. 'n Suid-Afrikaanse seemag.
48. 'n Ambag.
49. Eksamens.
50. 'n Kranksinnige-gestig.
51. In 'n winkel.
52. 'n Seereis na Europa.
53. Internasionale spele.
54. Op die stasie.
55. Verdraagsaamheid.
56. Vriendskap.
57. Ons voorstede.
58. In 'n kafee.
59. 'n Geregshof.
60. Tekenkuns.
61. Wat is beter: 'n motor of 'n perd?
62. Soort soek soort.
63. 'n Reis na die Victoria-watervalle.
64. Die voor- en nadele van rykdom.
65. Bokskuns.
66. In 'n kafferstad.
67. In die nood leer mens jou vriende ken.
68. 'n Besoek aan Robbeneiland.
69. Pjet Retief.
70. Watersnood.
71. Die diamantvelde van S.A.

72. Die Arme-Blanke-Kwessie.
73. Boesman-gewoontes.
74. Die bioskoop.
75. Krieket.
76. 'n Hongersnood.
77. Die lewe van 'n banneling.
78. Elektriese treine.
79. Werk is edel.
80. Dissipliene.
81. 'n Awontuur met 'n leeu.
82. Onskuldige vermake.
83. 'n Moderne Rip van Winkle.
84. Onder die mikroskoop.
85. 'n Dorsmasien.
86. Ons blomtuin.
87. My ryperd.
88. Regverdigheid.
89. Eersug.
90. 'n Besoek aan Italië.
91. 'n Ongeluk op straat.
92. Opperuimdheid.
93. 'n Oorlog in die toekoms.
94. Die waarde van die vliegmasien in tyd' van vrede.
95. Die inboorlinge van S.A.
96. 'n Saterdagmôre in Kaapstad.
97. 'n Wonderlike gebeurtenis.
98. 'n Goeie grap.
99. Die appel val nie xer van die boom nie.
100. Standvastigheid.

### C.

1. 'n Huwelik.
2. Natuurverskynsele.
3. 'n Aardbewing.
4. Pluimvee.
5. My horlosie.
6. 'n Dag op 'n vissersboot.
7. Die timmerman.

8. Die briefbesteller.
9. 'n Melkboer.
10. 'n Landmeter.
11. Die skyn bedriëg.
12. Die keuse van 'n beroep.
13. Die nut van elektrisiteit.
14. Steenkool.
15. 'n Reis per seilskip honderd jaar gelede.
16. Die brandweer.
17. Die klimaat van S.A.
18. Verdwaal in 'n bos.
19. Landverhuising.
20. 'n Ideale plek om 'n vakansie deur te bring
21. Arbitrasie.
22. 'n Besoek aan die Kango-grotte.
23. Lewensversekeringsmaatskappye.
24. Debatsvereniginge.
25. 'n Motorfiets.
26. Die Skoolgebou.
27. Tale.
28. 'n Diener.
29. Landbou.
30. 'n Blommetoonstelling.
31. 'n Land wat ek graag wil besoek.
32. Moderne uitvindinge.
33. Die nut van lees.
34. Die telefoon.
35. Landbesproëiing.
36. Tennis.
37. 'n Storm op see.
38. Prente.
39. Die mode.
40. My knipmes.
41. Vuurspuwende berge.
42. Kompetisie.
43. Vakunies.
44. Wat ek wil word as ek die skool verlaat.
45. 'n Spioen.
46. Die mag van geld.

47. Die waarde van geleerdheid.
48. 'n Veeverkoop.
49. Die mag van die pen.
50. Rus roes.
51. Die koms van die Hugenote.
52. Die Britse Setlaars.
53. Dirkie Uys.
54. Swem.
55. Leringe wek, voorbeelde trek.
56. Tyd.
57. 'n Dag op Kirstenbos.
58. Die lewe van 'n skaapwagter.
59. Konskripsie.
60. Die lewe van 'n soldaat.
61. Die vooruitgang van die wetenskap, as gevolg van die Wêreld-Oorlog.
62. 'n Gevangenis.
63. Die mag van klein dingetjies.
64. Roofdiere.
65. Geesdrif.
66. Geldgierigheid.
67. Alles wat blink, is nie goud nie.
68. Studie.
69. Oujaarsaand.
70. 'n Walvisjag.
71. Na reën kom sonskyn.
72. Die goeie ou tyd.
73. Die lewe van 'n dorpspredikant.
74. 'n Spoorweg van die Kaap na Caïro.
75. Sedelike moed.
76. Plig.
77. Die lewe van 'n kluisenaar.
78. 'n Gesellige aand.
79. Rome is nie in een dag gebou nie.
80. Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg.
81. Armoede.
82. Ware vryheid kan alleen floreer, waar wet en orde gehandhaaf word.
83. Simpatie.

84. Spaarsaamheid.
85. Die aanhouer win.
86. Roem.
87. Op reis in die poskar.
88. 'n Spoorwegongeluk.
89. In die loopgrawe.
90. 'n Veldslag.
91. Die werk van die Rooi Kruis in tyd van oorlog.
92. Op 'n oorlogskip gedurende 'n seeslag.
93. Posseëls.
94. Die lewe van 'n staatsman.
95. 'n Volk wat sy helde vergeet, word nooit groot nie.
96. Posduiwe.
97. Ons pappegaai.
98. Tyd is geld.
99. Nuuskierigheid.
100. Provinsiale rade.

#### D.

#### SUITABLE SUBJECTS FOR LETTERS.

1. 'n Uitnodiging aan 'n vriend, om die aanstaande vakansie by u te kom deurbring. Vertel hom wat u van plan is om te doen.
2. Aan 'n boekhandelaar, waarin u hom vra om sekere boeke vir u te stuur.
3. Aan 'n vriend in die hospitaal, om hom 'n bietjie op te ruim.
4. Aan u ouers in die stad, om te vertel wat u op die plaas sien, en hoe u u tyd deurbring.
5. U is op 'n kosskool, en skryf aan u vader om hom te vra dat hy u weer na u vorige skool moet terugstuur. Gee u redes.
6. 'n Man het 'n kar en twee perde, en wil hulle verkoop om 'n motorkar te koop. Hy vra 'n vriend se opinie. Skryf albei briewe.

7. Die sekretaris van 'n debatsvereniging vra u om op die eerste vergadering 'n debat in te lei. Skryf u antwoord.
8. Aan 'n vriend in Europa om hom die aantreklikheid van u omgewing te beskrywe.
9. 'n Vriend het u gevra wat u van plan is om te doen na die matriek-eksamen. Skryf u antwoord.
10. U antwoord u vader op 'n brief, waarin hy u versoek het om te skrywe, watter boeke u graag sou wil hê as 'n verjaardagpresent.
11. U het iets in die trein vergeet. Skryf aan die Spoorweg-departement daarvoor, en gee hulle al die besonderhede.
12. Bedank u oom vir die aangename naweek wat u by hom deurgebring het.
13. U stel 'n lang wandeling aan 'n vriend voor, en vra hom om u te vergesel. Skryf sy antwoord.
14. U het die voorreg gehad om 'n besoek aan 'n oorlogskip te bring. Vertel aan 'n vriend alles wat u gesien het.
15. U doen aansoek by 'n firma vir 'n betrekking as boekhouer. Skryf die antwoord ook.
16. U het die begrafnis van 'n beroemde man bygewoon. Skryf aan u moeder en vertel haar die een en ander daarvan.
17. U het 'n vriend uitgenooi om met u 'n dag in die veld te gaan deurbring; u stel voor dat u 'n geweer saamneem. Skryf sy antwoord.
18. Aan u suster om haar te bedank vir 'n vulpen wat sy u present gegee het. Vertel waarom u bly was, om dit te ontvang.
19. Aan u prinsipaal, om hom 'n getuigskrif te vra. Skryf vir watter betrekking u applikasie wil maak.
20. U vader het u versoek om hom mee te deel watter beroep u wil kies. Skryf u antwoord, en gee u redes.

21. U het deelgeneem in 'n kompetesie, 'en het 'n prys van 'n pond gewen. Skryf aan u ouers om te sê, wat u met die geld gaan maak.
22. U het pas teruggekeer van 'n vakansie, wat u by 'n vriend deurgebring het. Skryf 'n brief om hom te bedank vir al sy goedheid.
23. Skryf aan 'n vriend, en deel hom u eerste ondervindinge op die kosskool mee.
24. U het nou vir die eerste keer die see gesien. Skryf aan u suster, en vertel haar u gewaarwordings.
25. Skryf aan die bestuurder van 'n hotel aan die strand, en vra hom om vir u 'n kamer te reserveer. Gee hom al die besonderhede omtrent u besoek.
26. Vertel aan u ouers wat u alles moes doen, toe hulle u as nuwe leerling op die kosskool gedoop het.
27. U vader is ernstig ongesteld. Skryf 'n brief aan 'n dokter, waarin u hom alles omtrent die siekte vertel, en hom vra om u vader te kom besoek.
28. U wil u in Kaapstad kom vestig. Skryf aan 'n vriend om hom te vra, watter die beste buurt is om in te woon.
29. Skryf aan 'n winkelier, en klae oor sekere goed wat hy u gestuur het.
30. Skryf aan 'n vriend dat u huis afgebrand het, en vertel hom, hoe u en u familie in die nag moes vlug vir u lewe.

# ANDER AFRIKAANSE Opvoedkundige Publikasies VAN MASKEW MILLER

---

**Maskew Miller se Afrikaanse Leesboekies.** Deur H. J. M. Schepers, B.A., van Philippolis, O.V.S., en F. W. Reitz, Voorsitter van die Afrikaanse Taal-Vereniging, met baie illustrasies.

My Eerste Boek (vir Sub-Std. A.).

My Twede Boek (vir Sub-Std. A.).

My Derde Boek (vir Sub-Std. B.).

My Vierde Boek (vir Sub-Std. B.).

Standerd Een (By die Huis). Verbeterde uitgawe.

Standerd Twee (Op die Werf). „ „

Standerd Drie (Op die Boerdery). „ „

Standerd Vier (Uit en Tuis). „ „

Standerd Vyf (Op die Dorp).

Standerd Ses (Op Reis).

**Muur-leeskaarte.** Kompleet in twee stelle, n.l., My Eerste Boek, en My Twede Boek in Leeskaartvorm.

**Maskew Miller se Afrikaanse Taaloefeninge.** Deur P. Imker Hoogenhout, B.A., en J. J. A. Schoeman, B.A.

Deel I., vir Standerd I.

Deel II., vir Standerd II.

Deel III., vir Standerd III. Derde druk.

Deel IV., vir Standerd IV.

Deel V., vir Standerd V. Twede druk.

Deel VI., vir Standerd VI.

Deel VII., vir Standerd VII.

Deel VIII., vir Standerd VIII. Twede druk.

Deel IX., vir Standerd IX.

Deel X., vir Standerd X.

**Maskew Miller se Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyse.** Deur P. Imker Hoogenhout, B.A., en J. J. A. Schoeman, B.A.

# A SELECTED LIST OF

*T. MASKEW MILLER'S*

## Educational Works in Afrikaans

---

---

### **MASKEW MILLER SE KORTE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.**

(Afrikaanse Edisie.) Met baie Illustrasies vir die gebruik van Skole. Deur **C. M. THEAL**, Litt.D., LL.D., en **THOS. YOUNG**, M.A. Met samewerking van die heer **F. W. REITZ**, Eks-President van die Oranje-Vrystaat, en President van die A.T.V. Die boek is in Afrikaans oorgesit deur laasgenoemde.

### **AN EDITION IN AFRIKAANS BY EX-PRESIDENT REITZ OF SOUTH AFRICA.**

(In the Story of the Nations Series). By the late **Dr. THEAL**.

### **MASKEW MILLER SE AARDRYKSKUNDE VOLGENS DIE NUWE SILLABUS VIR SUID-AFRIKAANSE SKOLE.**

Deur **A. B. LAMONT**, M.A., B.Sc. Standerds IV. tot VI.

### **PRIMI GRADUS.**

'n Boek vir die Eerste Jaar Gebaseer op die Nuuatse Leerplan. Deur **THEODORE HAARHOFF**, Professor in die Klassieke Lettere, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.

### **AN EDITION IN AFRIKAANS OF INSPECTOR SKAIFE'S ELEMENTARY BIOLOGY.**

By **I. J. JORDAAN**, B.A., Lecturer in Education, University of Cape Town.

### **AN AFRIKAANS EDITION OF AN ELEMENTARY PHYSICS AND CHEMISTRY.**

For Standards VI. and VIII. By **W. A. CLEGG**, B.Sc. (Victoria), and **LOUIS P. BOSMAN**, B.A., B.Sc., A.I.C., F.C.S., of the University of Cape Town.

### **MASKEW MILLER'S JUNIOR CERTIFICATE TESTS IN AFRIKAANS.**

### **MASKEW MILLER'S MATRICULATION TESTS IN AFRIKAANS.**

Both of the above useful aids are the work of **J. J. du PREEZ**, M.A., of the S.A.C. High School.

**Ander Suksesvolle Publikasies**  
**Van T. MASKEW MILLER**

---

MASKEW MILLER SE  
**Afrikaanse Grammatika**

*Deur* M. C. BOTHA, M.A.,

Professor in Nederlands en Afrikaans, aan die Universiteit van  
Kaapstad; en

J. F. BURGER, M.A.,

Lektor in Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad.

TWEDE DRUK.

---

MASKEW MILLER'S  
**GRAMMAR of AFRIKAANS**  
*For English-speaking Students*

*By* M. C. BOTHA, M.A.,

Professor of Nederlands and Afrikaans, University of Cape Town,  
and J. F. BURGER, M.A.,

Lecturer in Education, University of Cape Town

*Second Edition (completing 20,000).*

---

MASKEW MILLER se  
**Afrikaanse Styloefeninge**

DEUR

Professor M. O. BOTHA, M.A., en J. F. BURGER, M.A.